

**RGN-/NOR-ondersoek na strategieë vir opleiding
en plasing van die gestremde persoon**

Ondersteunende verslag 6:

**Ondersoek na wetgewing om opleiding en plasing
van die gestremde persoon te bevorder**

**G.C. Kachelhoffer
L. Hawthorne
R.A. Jordaan**

001

. 3072068 HSRC ERP

**BIBLIOT'EEK
LIBRARY**

RGN

RAAD VIR
GEESTESWETENSKAPLIKE
NAVORSING

HSRC

HUMAN
SCIENCES RESEARCH
COUNCIL



RGN-HSRC

RGN-/NOR-onderzoek na strategieë vir opleiding
en plasing van die gestremde persoon

Onderst



Onderse
van die
binne

RAAD VIR BIBLIOTEEK- EN
LEESDIENSTE

COUNCIL FOR
LIBRARY AND
SERVICES

L.
R.

0002405397



001.3072068 HSRC ERP




* 2 4 0 5 3 9 *

Pretoria
Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing
1989

Die RGN-onderwysnavorsingsprogram is organisatories en administratief verbonde aan die Instituut vir Opvoedkundige Navorsing van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing (RGN).

Die Nasionale Opleidingsraad (NOR), Departement van Mannekrag, is 'n statutêre instelling met as hoof funksie om die Minister van Mannekrag te adviseer oor enige aangeleentheid rakende opleiding en mannekrag.



Projekleier: G.C. Kachelhoffer B.Admin., B.Comm., LL.D.
Medenavorsers: L. Hawthorne B.A., LL.D.
R.A. Jordaan B.A., LL.D.

Instituut vir Opvoedkundige Navorsing
Uitvoerende Direkteur: Dr. S.W.H. Engelbrecht

• Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing

Gedruk deur die RGN
Pretoriusstraat 134
PRETORIA
0002

VERKLARING

Hierdie verslag is deur die bogenoemde navorsingspan, onder leiding van die Projekkomitee: Opleiding van die gestremde persoon, voorberei. Die werkkomitee van die RGN-/NOR-onderzoek na strategieë vir opleiding en plasing van die gestremde persoon, het drie projekkomitees (Opleiding, Plasing en Wetgewing) saamgestel met die doel om leiding aan die navorsingspanne te gee.

Die bevindings, menings en aanbevelings vervat in hierdie verslag weerspieël nie noodwendig die standpunt van óf die RGN, óf die NOR, óf die werkkomitee van die onderzoek nie. Die amptelike standpunt van die werkkomitee is vervat in die hoofverslag wat aan die Minister van Mannekrag oorhandig is.

Aangesien hierdie verslag deur die betrokke navorsingspan voorberei is, verskil dit ietwat ten opsigte van tegniese en taalversorgingvoorskrifte wat vir RGN-verslae geld.

**ONDERSOEK NA WETGEWING OM DIE OPLEIDING EN INDIENSPLASING
VAN DIE GESTREMDE PERSOON TE BEVORDER**

NAVORSINGSPAN:

G.C. KACHELHOFFER B. Admin. (Pret) B. Comm. LLD. (Unisa)

Professor in die Departement Handelsreg (Unisa)

L. HAWTHORNE BA. LLD. (Pret)

Mede-professor in die Departement Privaatreg (Unisa)

R.A. JORDAAN BA. LLB. (Pret) LLD. (Unisa)

Mede-professor in die Departement Privaatreg (Unisa)

VOORWOORD

Met die oorhandiging van hierdie verslag ten aansien van die ondersoek na wetgewing om die opleiding en indiensplasing van die gestremde persoon te bevorder, verleen ons erkenning aan die Departement van Nasionale Gesondheid en Bevolkingsontwikkeling vir die omvangryke dokumente (veral van internasionale instansies) wat tot ons beskikking gestel is. Graag betuig ons ons innige dank aan mnr. Carel Theron, die koördineerder, vir sy bystand en rigtinggewende advies en wat as skakel met die Departement Mannekrag gedien het. Ook ons dank aan sy medekoördineerder, dr. C. du T. Olivier. Ons wil ook ons waardering uitspreek teenoor dr. W. Rowland, Direkteur van die Nasionale Raad vir Blindes, vir die talle samesprekings wat ons met hom gehad het en die leiding wat hy gegee het. Ten slotte, my innige dank en waardering aan my medenavorsers, professore Hawthorne en Jordaan, vir hulle geesdriftige deelname en vakkundige bydrae.

G.C. Kachelhoffer

PROJEKLEIER

EKSERP

Die navorsing ten aansien van die ondersoek na wetgewing om die opleiding en indiensplasing van die gestremde persoon te bevorder, het bestaan uit 'n analise van die wetgewing wat betrekking het op die opleiding en indiensplasing in die RSA asook soortgelyke wetgewing in 'n aantal Westerse lande. Aandag is ook gegee aan internasionale riglyne wat deur internasionale instansies neergelê is. Uit die navorsing blyk dit dat die RSA wel oor die wetgewende maatreëls beskik om die opleiding en indiensplasing van die gestremde persoon te bevorder maar dat daar slegs inderdaad bevordering van die belange van die gestremde persoon sal wees indien die Regering hom in 'n Witskrif verbind tot 'n positiewe beleid tot die bevordering van sodanige belange in die algemeen en meer spesifiek ten aansien van opleiding en indiensplasing. Sodanige beleid moet uiteengesit word met inagneming van die internasionale maatreëls wat van owerheidsweë as riglyne erken word asook binne die raamwerk van die reeds verklaarde arbeidsbeleid van die Regering. As deel van die verklaarde beleid moet die Regering hom verbind tot 'n positiewe wetgewende program om die belange van gestremdes te bevorder. Die instelling van 'n nasionale oorkoepelende liggaam om na die belange van die gestremde persoon om te sien, is onontbeerlik. Wanneer die Regering hom tot 'n positiewe beleid tot bevordering van die belange van die gestremde verbind het, sal die implementering van positiewe wetgewende maatreëls volg. In die RSA word basiese menseregte nie regtens afgedwing nie en is die grondslag waarop die belange van die gestremde persoon bevorder word, grootliks op 'n vrywillige grondslag en enige moontlike dwingende maatreëls sal eers ingestel kan word nadat daar 'n beleid deur die Regering ten aansien van die gestremde persoon aanvaar is.

INHOUDSOPGAVEBladsy

VOORWOORD	
EKSERP	
HOOFSTUK 1	1
1.1 Inleiding.....	1
1.1.1 Inleiding en oriëntering van onderhawige navorsing met betrekking tot die totale ondersoek.....	1
1.1.2 Opdrag.....	1
1.2 Probleemstelling en aktualiteit.....	1
1.3 Doel met ondersoek.....	2
1.4 Metodologie.....	2
1.4.1 Navorsingsontwerp.....	2
1.4.2 Navorsingsinstrumente.....	3
1.4.3 Ondersoekgroep	3
1.4.4 Statistiese tegnieke by ontleding van data.....	3
HOOFSTUK 2	4
2. Basiese minimumvereistes.....	4
2.1 Algemeen.....	4
2.2 Onderwys.....	6
Hoofstuk 3	8
3. Internasionale Wetgewing vergelyk met basiese Stan- daardvereistes.....	8
3.1 Inleiding.....	8
3.2 Verenigde Koninkryk.....	8

3.2.1 Wetgewing	8
3.2.2 Onderwys.....	9
3.2.3 Indiensplasing.....	9
3.3 Verenigde State van Amerika.....	10
3.3.1 Wetgewing.....	10
3.3.2 Onderwys.....	11
3.3.3 Indiensplasing.....	11
3.4 Swede.....	11
3.4.1 Wetgewing.....	11
3.4.2 Onderwys.....	12
3.4.3 Indiensplasing.....	12
3.5 Nederland.....	13
3.5.1 Wetgewing.....	14
3.5.2 Onderwys.....	14
3.5.3 Indiensplasing.....	14
3.6 Federale Republiek van Duitsland.....	15
3.6.1 Wetgewing.....	15
3.6.2 Onderwys.....	15
3.6.3 Indiensplasing.....	15
HOOFSTUK 4.....	17
4. Suid-Afrikaanse reg in vergelyking met die basiese standaard=vereistes.....	17
4.1 Inleiding.....	17
4.2 Die Mannekragbeleid van die Regering.....	17
4.2.1 Die verklaarde mannekragbeleid waarop die gestremde hom kan beroep.....	17
4.2.2 Die implementering van die Mannekragbeleid.....	18

4.2.3 Die fundamentele arbeidsregte.....	18
4.2.4 Opleiding.....	20
4.2.5 Werkverskaffing.....	23
4.3 Samevatting.....	32
HOOFSTUK 5.....	33
5. Aanbevelings ten aansien van wetgewing om die opleiding en indiensplasing van gestremdes te bevorder.....	33
5.1 Bestek van ondersoek.....	33
5.2 Algemene aanbevelings.....	33
5.2.1 n Algemene beleidsverklaring van die Regering.....	33
5.2.2 Die instelling van n oorkoepelende koördinerende liggaam.....	37
5.3 Spesifieke aanbevelings.....	39
5.3.1 Aanbeveling tov. Mannekragbeleid en Mannekragbeplanning.....	39
5.3.2 Aanbeveling tov. Internasionale Riglyne.....	40
5.3.3 Aanbevelings tov. die implimentering van die wetgewing wat op die opleiding en indiensplasing van gestremdes betrekking het.....	43
5.4 Aanbevelings met betrekking tot n wetgewende program tov. gestremdes.....	46
HOOFSTUK 6.....	47
6 Samevatting.....	47
6.1 Inleidende samevatting van navorsing.....	47
6.2 Bevinding een.....	49
6.2.1 Bevinding.....	49
6.2.2 Motivering.....	49

6.2.3	Eerste aanbeveling.....	49
6.2.4	Implikasie van dié aanbeveling vir die gestremde persoon.....	49
6.3	Bevinding twee.....	50
6.3.1	Bevinding.....	50
6.3.2	Motivering.....	50
6.3.3	Tweede aanbeveling.....	50
6.3.4	Implikasie van dié aanbeveling vir die gestremde persoon.....	50
6.4	Bevinding drie.....	50
6.4.1	Bevinding.....	50
6.4.2	Motivering.....	51
6.4.3	Derde aanbeveling.....	51
6.4.4	Implikasie van dié aanbeveling vir die gestremde persoon.....	51
6.5	Bevinding vier.....	52
6.5.1	Bevinding.....	52
6.5.2	Motivering.....	52
6.5.3	Vierde aanbeveling.....	52
6.5.4	Implikasie van dié aanbeveling vir die gestremde persoon.....	53
6.6	Bevinding vyf.....	53
6.6.1	Bevinding.....	53
6.6.2	Motivering.....	53
6.6.3	Vyfde aanbeveling.....	53
6.6.4	Implikasie van dié aanbeveling vir die gestremde persoon.....	54
6.7	Bevinding ses.....	54
6.7.1	Bevinding.....	54

6.7.2 Motivering.....	54
6.7.3 Sesde aanbeveling.....	54
6.7.4 Implikasie van dié aanbeveling vir die gestremde persoon.....	55
6.8 Bevinding sewe.....	55
6.8.1 Bevinding	55
6.8.2 Motivering.....	55
6.8.3 Sewende aanbeveling.....	55
6.8.4 Implikasie van dié aanbeveling vir die gestremde persoon.....	55
6.9 Bevinding agt.....	56
6.9.1 Bevinding.....	56
6.9.2 Motivering.....	56
6.9.3 Agste aanbeveling.....	56
6.9.4 Implikasies van dié aanbeveling vir die gestremde persoon.....	56
6.10 Bevinding nege.....	57
6.10.1 Bevinding.....	57
6.10.2 Motivering.....	57
6.10.3 Negende aanbeveling.....	57
6.10.4 Implikasies van dié aanbeveling vir gestremde persone.....	57
6.11 Bevinding tien	58
6.11.1 Bevinding.....	58
6.11.2 Motivering.....	58
6.11.3 Tiende aanbeveling.....	58
6.11.4 Implikasies van dié aanbeveling vir die gestremde persoon.....	58
6.12 Slotperspektief.....	58

HOOFSTUK 7.....	60
Aanbevelings vervat in hoofstuk 6.....	60
BIBLIOGRAFIE.....	62

BYLAE A: MANILA STATEMENT

**BYLAE B: COUNCIL OF EUROPE: A COHERENT POLICY FOR THE
REHABILITATION OF DISABLED PEOPLE , STRASSBOURG 1984**

HOOFSTUK 1

INLEIDING EN ORIËTERING VAN NAVORSINGSPROJEK

1.1 Inleiding

1.1.1 Inleiding en oriëntering van onderhawige navorsing met betrekking tot die totale ondersoek

Die ondersoek is ingestel na wetgewing om die opleiding en indiensplasing van die gestremde persoon te bevorder maar is wat die totale ondersoek betref, afgebaken deurdat die wetgewing wat ter sprake kom slegs betrekking het op die wetgewing aangaande opleiding en indiensplasing wat deur die Departement Mannekrag geadministreer word. Internasionale riglyne en wetgewing in ander lande is ondersoek.

1.1.2 Opdrag

- (i) Formulering van opdrag soos deur RGN bewoord. Die navorsers het onderneem om navorsing te doen ten aansien van die Onderzoek na wetgewing om die opleiding en indiensplasing van die gestremde persoon te bevorder, wat deel vorm van die RGN-Onderwysnavorsingsprogram en wat inskakel onder die Werkkomitee: Strategieë vir die opleiding en plasing van die gestremde persoon.
- (ii) Die interpretasie wat aan die opdrag gegee is, is dat slegs die wetgewing van die Departement Mannekrag wat op opleiding en indiensplasing betrekking het, ter sprake is. Wetgewing, byvoorbeeld, wat deur die Departement Nasionale Opvoeding geadministreer word en wat betrekking het op die opleiding van die gestremde persoon, is dus uitgesluit.

1.2 Probleemstelling en aktualiteit

Die probleem is om by wyse van opleiding en indiensplasing die gestremde persoon in staat te stel om sy werkkragte produktief in

die gemeenskap aan te wend. Slaag dié opleiding en indiensplasing, neem die gestremde persoon sy plek in die samelewing in en word hy in staat gestel om tot sy volle potensiaal te ontwikkel.

1.3 Doel met ondersoek

Primêr was dit die oogmerk om die wetgewende grondslag van die opleiding en indiensplasing van die gestremde persoon vas te stel en wat daaruit voortspruit, naamlik die wyse waarop wetgewende maatreëls sodanige opleiding en indiensplasing kan bevorder. Om dié primêre doelstelling te verwesenlik, was dit nodig om internasionale riglyne en wetgewing in ander Westerse lande regsvergeelykend na te gaan.

1.4 Metodologie

Die finale verslag is die resultaat van navorsing wat in twee voorlopige werkstukke by die RGN ingedien is:

1. Onderzoek na wetgewing om die opleiding en indiensplasing van gestremde persone te bevorder.

Eerste fase: Analise van die huidige stand van wetgewing mbt. opleiding en indiensplasing in die RSA (G.C. Kachelhoffer).

2. International Trends, Guidelines and Comparative Study (L.Hawthorne en R.A.Jordaan).

1.4.1 Navorsingsontwerp

Die navorsingstrategie het bestaan uit die nasporing en evaluering van relevante wetgewing in die RSA, Westerse lande en internasionale riglyne wat betrekking het op die opleiding en indiensplasing van die gestremde persoon.

1.4.2 Navorsingsinstrumente

Wetgewing in die RSA, Westerse lande asook internasionale standaarde en riglyne wat deur internasionale organisasies neergelê is.

1.4.3 Ondersoekgroep

Drie professore van Unisa (Kachelhoffer, Hawthorne en Jordaan) wat in Pretoria die navorsing gedoen het.

1.4.4 Statistiese tegnieke by ontleding van data

Geen.

HOOFSTUK 2

Basiese minimumvereistes

2.1 Algemeen

1. As basiese vertrekpunt word aanvaar dat daar sowel algemene as spesifieke bepalings vir gestremde persone moet wees wat hulle geregtig maak op voorregte wat nodig is om hul beperkings te bowe te kom.

2. Wetgewing met betrekking tot die gestremde moet voorsiening maak vir

- (a) die gelykstelling van geleenthede
en
- (b) rehabilitasie.

Die gelykstelling van geleenthede behels die proses waardeur die algemene samelewingstelsel vir almal toeganklik gemaak word.

Rehabilitasie behels die proses waardeur individue in staat gestel word om die hoogs moontlike vlak van funksionering en integrasie in die samelewing te bereik.

3. Rehabilitasie is primêr 'n staatsverantwoordelikheid.

4. Om effektief te wees, moet gelykstelling en rehabilitasie kragtens 'n nasionale plan geïmplementeer word.

5. Die nasionale plan moet in wetgewing beliggaam word.

6. Wetgewing

- (a) Die instelling van een omvattende wet waarin gepoog word om alle aspekte van die gestremde se belange te dek, is nie gewens nie omdat dit onmoontlik sou wees om sukses hiermee te behaal.

(b) Gevolglik moet verskillende kategorieë van wetgewing erken word:

- (i) medies
- (ii) finansieel
- (iii) indiensplasing en rehabilitasie
- (iv) maatskaplike sorg en welsynsdienste

(c) Wetgewing moet vyf basiese funksies hê:

- (i) om 'n mandaat te verleen vir 'n koördinerende of adviserende liggaam
- (ii) om regte vas te stel en te beskerm
- (iii) indiensplasing en rehabilitasie
- (iv) maatskaplike sorg en welsynsdienste
- (v) om 'n mandaat te verleen vir dienste bv. onderwys en indiensplasing

(d) Wette wat betrekking het slegs op gestremde persone moet vermy word.

(e) Spesifieke wetgewing moet gebruik word slegs wanneer algemene wette en regulasies in die verlede nie voldoende was nie en ook nie in die toekoms voldoende sal wees nie.

(f) Die hoofverantwoordelikheid rus op die regering. Omdat die regering op sy beurt na die verskillende departemente sal deleger, is 'n koördinerende liggaam nodig. Hierdie vereiste word internasionaal erken.

Daar word aanbeveel dat 'n nasionale raad vir die welsyn en rehabilitasie van gestremde persone in die lewe geroep moet word. So 'n raad moet bestaan uit verteenwoordigers van

- (i) groot regeringsdepartemente wat gemoeid is met alle aspekte van rehabilitasie,
- (ii) vrywillige organisasies,

- (iii) organisasies van persone met gestremdhede.
- (g) Daar word aanbeveel dat nasionale adviserende regspanele in die lewe groep word om so 'n nasionale raad van raad te bedien.
- (h) Die regering moet voorsiening maak vir 'n oorsigtelike nasionale plan vir gestremde persone.
- (i) Wetgewing oor gelykstelling moet gegrond wees op internasionale navorsing.

Internasionale navorsing behels:

- (i) Die Verenigde Volke Wereldprogram van Aksie oor Gestremde Persone
- (ii) Internasionale Arbeidsorganisasie
- (iii) Europese Raadsbeleid oor die rehabilitasie van gestremde mense
- (j) Internasionale riglyne stem ooreen en het 'n praktiese eerder as 'n teoretiese aard. Riglyne het betrekking op die onderwys en die indiensplasing van die gestremde.

2.2 Onderwys

1. Opvoedkundige opleiding moet daarop gemik wees om die gestremde ekonomies aktief te maak.
2. Opleiding moet geïntegreer word met dié van nie-gestremde persone.
3. Die welslae van indiensplasing moet beoordeel word.
4. Gevolglik moet beroepsrehabilitasiedienste as 'n deurlopende en gekoördineerde program georganiseer en ontwikkel word.

5. Organisasie en ontwikkeling moet tred hou met dié van algemene dienste vir beroepsopleiding en indiensplasing.

6. Waar herintegrasie nie moontlik is nie, moet gestremde persone in 'n beskutte werkwinkel geplaas word, of anders tuis of in spesiale toestande in die ope bedryf in diens geneem word.

7. Hierdie verskillende soorte indiensplasing het die feit in gemeen dat dit vir finansiële gewin moet wees. Die element van besoldiging word te alle tye beklemtoon.

8. Vier verskillende strategieë word gebruik om die indiensplasing van gestremde persone in die mededingende nywerheid af te dwing, naamlik

kwotastelsels,
regeringstoelaes en belastingkrediete vir werkgewers,
regeringsloonsubsidies,
bevestigende nywerhede.

HOOFSTUK 3

INTERNASIONALE WETGEWING VERGELYK MET BASIESE STANDAARD- VEREISTES

3.1 Inleiding

Enige wetgewing wissel na gelang van die patrone en eienskappe van die spesifieke regstelsel wat in werking is. Dit is veral die geval by wetgewing wat betrekking het op die gestremde persoon, aangesien die sosio-ekonomiese behoeftes en omstandighede van elke staat regstreeks weerspieël word in sulke soort wetgewing. Nietemin het basiese standaarde ontwikkel wat beskou kan word as 'n kontrole waarteen wetgewing getoets kan word. Daar moet egter besef word dat die afwykingsmarge van hierdie kontrole relatief tot die omstandighede van die besondere land is en nie 'n blyk is dat daar in 'n toets gefaal is nie. Hierdie vergelyking met die basiese standaardvereistes is onderneem ten opsigte van drie hoofpunte, naamlik wetgewing, onderwys en indiensplasing.

3.2 Verenigde Koninkryk

3.2.1 Wetgewing

1. Wetgewing aangaande gestremde persone word in verskillende wette vervat.
2. Hierdie wette het gewoonlik spesifiek betrekking op die gestremde eerder as op die algemene publiek.
3. Waar wette van 'n algemene aard is, dit wil sê waar hulle op sowel gestremdes as nie-gestremdes betrekking het, word voorsiening gewoonlik gemaak vir die instelling van 'n kommissie om daardie betrokke wet se bepaling op die gestremde van toepassing te maak.

4. Voorsiening word getref vir die aanstelling van 'n koördinerende liggaam in die vorm van 'n Nasionale Adviesraad insake die Indiensneming van Gestremde Persone.

5. Ten einde hierdie koördinerende liggaam van hulp te wees, word voorsiening gemaak vir die instelling van plaaslike komitees.

6. Plaaslike komitees adviseer en staan die Staatsekretaris en die Mannekragdienskommissie by.

Hieruit kan 'n mens aflei dat spesiale voorsiening gemaak is vir gestremde persone, hetsy regstreeks deur wetgewing wat slegs op hulle van toepassing is of onregstreeks deur die aanstelling van kommissies om die toepassing van algemene wetgewing aan die gestremde te beheer.

3.2.2 Onderwys

1. Die meeste gestremdes ontvang opleiding saam met nie-gestremdes.
2. Opleiding vind plaas onder die beskerming van die Opleidingsdienste-afdeling.
3. Spesiale opleidingsfasiliteite word voorsien vir ernstig gestremde, dowe en blinde persone. Gevolglik word die doel by integrasie sover as wat redelik moontlik is, geïmplementeer.

3.2.3 Indiensplasing

1. Die hoofvoorsiener van indiensneming is 'n staatsmaatskappy.
2. Sekere maatreëls word getref om indiensplasing te bevorder:
 - (a) Beskutte arbeid word deur die regering gesubsidieer.
 - (b) Werkgewers moet 'n kwotastelsel handhaaf.
 - (c) Sekere werke word vir gestremde persone gereserveer.
 - (d) Toelaes is beskikbaar om persele en toerusting wat deur die

gestremde gebruik word, aan te pas.

3. In 1979 is n groot promosieveldtog van stapel gestuur om geleent- hede vir gestremde persone te voorsien. Gekoppel aan hierdie veldtog is n toekenningskema vir firmas wat gestremde persone help. Die Verenigde Koninkryk kom die vereistes na vir n nasionale beleid ten opsigte van die gestremde en tref voldoende voorsiening vir aanspo- ringsmaatreëls om gestremde persone in diens te neem asook om hulle indiensneming af te dwing.

3.3 Die Verenigde State van Amerika

3.3.1 Wetgewing

1. Aanvanklik het die klem skynbaar geval op die inkorporering van bepalings wat spesifiek betrekking het op gestremde persone in die algemene wetgewing. Met die indiening van die Wet op Rehabilitasie (Rehabilitation Act) in 1973 lyk dit asof die regering wegbeweeg het van die gedagte dat algemene wetgewing gebruik kan word om ook vir gestremde persone voorsiening te maak.

2. Die Wet op Rehabilitasie (Rehabilitation Act) het n statutêre grondslag voorsien vir die Rehabilitasiedienste-administrasie - skynbaar n koördinerende liggaam wat ressorteer onder die Kantoor van Spesiale Onderwys en Rehabilitasiedienste binne die Onderwysde- partement van die Verenigde State. Hierdie kantoor is die sentrale punt van die federale regering vir sake wat betrekking het op gestremdheid.

3. Hierdie wet beskerm gestremde persone teen diskriminasie.

4. Hierdie wet maak voorsiening vir federale finansiële bystand.

Dit lyk asof wetgewing gesentraliseer is met spesiale streeksaan- stellings om die wetgewing te implementeer.

3.3.2 Onderwys

1. Onderwys van die gestremde persoon ressorteer binne die Onderwysdepartement van die Verenigde State, wat impliseer dat gestremde en nie-gestremde persone dieselfde opleiding waar moontlik ontvang.
2. Aangesien die doel van onderwys loopbaanbevordering is, is die prioriteit om die gestremde persoon finansiëel produktief te maak.

3.3.3 Indiensplasing

1. Hier word gestremde persone as 'n prioriteit beskou in algemene wetgewing wat van toepassing is op alle werkgewers en voorsiening word vir spesiale dienste gemaak.
2. Bestaande rehabilitasie- en indiensnemingsdienste probeer om geleenthede vir gestremde persone te voorsien.

Die voorsiening van spesiale dienste en belastingverligting is aanduidings van die druk waaronder werkgewers verkeer om gestremde persone in diens te neem.

3.4 **Swede**

3.4.1 Wetgewing

1. Bepalings wat betrekking het op die gestremde word in algemene wetgewing vervat. Daar is geen wetgewing wat slegs gemoeid is met die posisie van gestremde persone nie.
2. Die universele reg om te werk word in 'n regeringshandves vervat. Dit word onder meer in hierdie handves gestel dat dit die doelwit is om alle gestremde persone in die algemene arbeidsmark te herintegreer.

3. Saam met die basiese reg om te werk, word daar in die algemene arbeidswetgewing spesifiek voorsiening getref vir bepalings wat werknemers verplig om gestremde werkers in diens te neem.

4. In gevalle waar daar diskriminasie teen 'n gestremde persoon is, maak die wetgewing voorsiening vir toevlug tot plaaslike en nasionale owerhede soos die Distriksarbeidraad (County Labour Board) en die Nasionale Arbeidsmarkraad (National Labour Market Board).

Dit is interessant om daarop te let dat Swede dit in werklikheid moontlik gemaak het om voldoende voorsiening te tref vir gestremde persone sonder om wetgewing af te kondig wat net op hulle van toepassing is. Bestaande arbeidswetgewing is uitgebrei om spesifiek die gestremde persoon in te sluit.

3.4.2 Onderwys

1. Die opleiding en rehabilitasie van die gestremde persoon ressorteer onder die beskerming van die Arbeidsmarkadministrasie (Labour Market Administration).

2. Waar doenlik vind die opleiding van gestremde persone saam met dié van nie-gestremde persone plaas.

3. Regerings- subsidies is in sommige omstandighede verkrygbaar.

Die basiese menslike reg om te werk is onderliggend aan die opleiding van werknemers en dit lyk asof daar geen diskriminasie in die beskikbare opleidingsdienste plaasvind nie.

3.4.3 Indiensneming

1. Daar is deeglike kontrole oor indiensneming deur middel van sekere strategieë waardeur dit afgedwing word.

2. Die regering voorsien finansiële bystand aan werkgewers om die indiensneming van gestremde persone te vergemaklik.

3. Druk kan in die ope arbeidsmark uitgeoefen word om die indiensplasing van gestremde persone te verhoog.

4. Die ope arbeidsmark kan aangesê word om slegs diegene in diens te neem wat deur die Indiensnemingsdiens (Employment Service) verwys of goedgekeur is.

5. Benewens die indiensneming wat in die ope arbeidsmark beskikbaar gemaak is, word voorsiening ook gemaak vir halfbeskutte, beskutte en tuiswerk-indiensplasing.

Swede se benadering skyn die oopste te wees ten opsigte van die soort indiensneming wat afdwingbaar is, byvoorbeeld projekte wat konstruksiewerk, tuinaanleg, bosbou, kantoorwerk en professionele argiefnavorsingswerk insluit.

3.5 Nederland

3.5.1 Wetgewing

1. Die basis van alle Nederlandse wetgewing is 'n algemene maatskaplike beleid wat daarop gemik is om te verseker dat elkeen geregtig is op persoonlike ontwikkeling en gelyke geleentheid.

2. Sowel algemene en spesifieke wetgewing gee aandag aan gestremde persone.

3. Om vir gestremde persone te voorsien, berus nie primêr by die regering nie, maar dit lyk asof dit die verantwoordelikheid is van private organisasies.

4. Indiensneming van die gestremde word deur 'n kwotastelsel afdwing. Wanneer dit nie nagekom word nie, stel werkgewers hulle bloot aan 'n boete.

5. Die regering voorsien finansiële bystand aan werkgewers.

Aanvanklik het Nederland 'n vrywillige kwotastelsel gehad, maar dit het ondoeltreffend geblyk te wees. Dit is in 1986 verander toe die kwotastelsel toegepas is. Gevolglik kan 'n mens aflei dat die regering hom verbind het tot 'n beleid van integrasie eerder as om beskutte werkplekke vir gestremde persone te voorsien.

3.5.2 Onderwys

1. Waar moontlik vind opleiding plaas binne die fasiliteite wat vir almal beskikbaar is.

Dit beklemtoon die verbondenheid tot integrasie.

3.5.3 Indiensplasing

1. 'n Verskeidenheid maatreëls word gebruik om geïntegreerde indiensplasing van die gestremde af te dwing, byvoorbeeld die kwotaskema en beskutte werksinkels.

2. Loonsubsidies word aan werkgewers voorsien wat die kwotaskema nakom.

3. Onder sekere omstandighede kan werkgewers van gestremde persone daarvan vrygestel word om die amptelike minimumloon te betaal.

Dit is interessant om daarop te let hoe doeltreffend die Nederlandse regering die verantwoordelikheid van die opleiding en indiensplasing op die private sektor geplaas het. Ofskoon gebruik gemaak word van 'n kwotastelsel, lyk dit asof die subsidies en finansiële vrystellings die indiensplasing van 'n gestremde persoon voordelig vir werkgewers maak. Dit moet egter in gedagte gehou word dat dit slegs moontlik is vanweë die uiters stewige ekonomiese infrastruktuur en dit is twyfelagtig of so 'n stelsel in 'n derdewêreldland moontlik kan werk.

3.6 Federale Republiek van Duitsland

3.6.1 Wetgewing

1. Duitsland maak gebruik van wetgewing wat afgekondig is spesiaal met gestremde persone as die mikpunt.
2. Dit lyk asof hul mikpunt die maatskaplike integrasie van gestremde persone is.

3.6.2 Onderwys

1. Die primêre doelwit is om die gestremde op te lei om finansieel produktief te wees.
2. Die omvang van die opleidingsprogramme is vergelykbaar met dié van Swede. Die bestek is besonder wyd.
3. Alle opleidingsprogramme vind plaas in sentrums wat onder die beskerming van die Minister van Arbeid deur regeringsinstellings bestuur word.

Die feit dat opleiding van die gestremde onder die Minister van Arbeid ressorteer, skep die indruk dat die doel is om die gestremde te integreer; dit is egter duidelik dat die opleiding self nie geïntegreer is nie.

3.6.3 Indiensplasing

1. Duitsland dwing indiensplasing van die gestremde met uiters streng maatreëls af.
2. Die kwotastelsel word streng toegepas en werkgewers moet 'n heffing betaal vir elke werkplek wat nie deur 'n gestremde persoon beman word nie.

3. Gestremde persone kan slegs afgedank word met die goedkeuring van regeringskantore vir maatskaplike diens.

4. Werkgewers wat die kwotavereiste nakom, kwalifiseer vir aanmerklike finansiële subsidies vir die aanstelling van alle verdere gestremde persone.

5. Gestremde persone word sowel in die ope mark as in beskutte werksinkels in diens geneem.

Dit lyk asof die stelsel gunstig vergelyk met dié van die Nederlanders. Die finansiële voordele vir die indiensplasing van die gestremde persoon is egter nie so voordelig in Duitsland nie.

HOOFSTUK 4

SUID-AFRIKAANSE REG IN VERGELYKING MET DIE BASIESE STANDAARD-VEREISTES

4.1 Inleiding

Daar bestaan n nasionale beleid met betrekking tot die gestremde wat vervat word in die Mannekragbeleid wat van owerheidsweë geld. Die evaluering van die bestaande wetgewende maatreëls wat die opleiding en indiensplasing van gestremde persone reguleer, moet geskied met inagneming van die mannekragbeleid. Hierdie beleid is vervat in die Witskrif oor Deel 2 van die Verslag van die ondersoek na arbeidswetgewing (Wiehahn-verslag) .

Arbeidsbetrekkings word in Suid-Afrika gebaseer op die gemenerereg, wetgewing en regspraak.

4.2 Die mannekragbeleid van die Regering

4.2.1 Die verklaarde mannekragbeleid waarop die gestremde persoon hom kan beroep

Die gestremde kan van owerheidsweë verwag dat

- sy werkkragte optimaal ontwikkel, benut en bewaar moet word;
- sy werkvermoë met inagneming van sy individuele aanleg en belangstelling tot die hoogste vlak ontwikkel behoort te word;
- sy werkkragte optimaal benut sal word deur verskaffing van werkgeleenthede, beroepsopleiding en verhoging van produktiwiteit;
- sy geestelike en liggaamlike gesondheid en welsyn van owerheidsweë aandag sal geniet.

4.2.2 Die implementering van die mannekragbeleid

Ingevolge art. 2A van die Wet op Arbeidsverhoudinge 28 van 1956 is die Nasionale Mannekragkommissie ingestel.

Hierdie kommissie moet aan die Minister van Mannekrag aanbevelings maak met betrekking tot alle arbeidsaangeleenthede insluitende arbeidsbeleid.

Die Vaste Komitee insake Internasionale Arbeidsaangeleenthede van die Nasionale Mannekragkommissie moet op die hoogte bly van internasionale ontwikkelinge op die gebied van mannekrag met die oog daarop om aanbevelings by die Minister van Mannekrag te doen. Dit is vergemaklik deur die aanstelling van arbeidsattachés.

4.2.3 Die fundamentele arbeidsregte

Die volgende fundamentele arbeidsregte is deur die Staat erken:

- die reg om te werk
- die reg van toegang tot opleiding en heropleiding
- die reg om te organiseer en tot 'n werknemersorganisasie te behoort
- die reg om kollektief te onderhandel en te beding
- die reg op die beskerming van veiligheid en gesondheid
- die reg op sekuriteit
- die reg op werksekerheid en beskerming teen onbillike arbeidspraktyke

By die ondersoek na die wetgewing wat die arbeidsituasie van die gestremde persoon reguleer, is dit wenslik om te let op die inhoud van die volgende arbeidsregte:

a **Die reg om te werk**

Die aanvaarding van hierdie beginsel is makliker in geval van 'n sentraalbeheerde ekonomiese stelsel as wat dit die geval is by 'n stelsel van vrye onderneming wat Suid-Afrika onderskryf. In die vryemarke-economie word nie 'n statutêre erkenning aan die reg om te werk verleen nie. 'n Uitvloeisel van die reg om te werk is die verpligting wat op die Staat geplaas word om werk te verskaf. Indien die reg om te werk in 'n arbeidskode opgeneem is, impliseer dit nie soseer 'n formeel afdwingbare reg nie, maar geld dit eerder as 'n beskerming teen inmenging in die burger se vryheid om te werk. In die Suid-Afrikaanse konteks is dit ter sprake by die beskikbaarheid van werkseleenthede en ook wat die toegang van arbeid en arbeidsmobiliteit betref.

b **Die reg om beskerming**

Die werker se reg om beskerming impliseer 'n verpligting van die kant van die Staat en die werkgewer om toereikende, gesonde en veilige werkstoestande te skep. In meeste gevalle word die reg op beskerming in wetgewing vervat.

c **Die reg om te ontwikkel**

Die reg om te werk kan nie ten volle tot sy reg kom sonder die reg om te ontwikkel nie. Hoewel Suid-Afrika se arbeidswetgewing nie 'n ontwikkelingsreg as sodanig uitdruklik verleen nie, word daar nogtans deeglik vir die opleiding en ontwikkeling van werkers voorsiening gemaak. Die gebruik om deur middel van kodes standaarde in arbeidsaangeleenthede in te stel, word in Suid-Afrika veral by nie-regeringsagentskappe aangetref.

Die sentrale tema van hierdie riglyne is gelykheid van behandeling van alle werkers, insluitende die gestremde werker, met die hoofklem op die uitskakeling van diskriminasie op grond van kleur, ras of geslag.

4.2.4 Opleiding

a Inleiding

Maatreëls wat op een of ander wyse met opleiding van persone te doen het, is omvattend en verskeie staatsdepartemente, privaat instansies en professionele beroepsverenigings is by opleidingskemas betrokke. Die feit dat verskillende staatsdepartemente sowel as verskillende verenigings betrokke is doen nie afbreek aan die doeltreffendheid van die opset nie, maar die noodsaaklikheid van 'n koördinerende liggaam moet beklemtoon word. Hier word aandag gegee aan statutêre opleidingsmaatreëls wat onder die beheer van die Departement Mannekrag funksioneer. 'n Groot verskeidenheid opleidingskemas bestaan ook ingevolge die Wet op Arbeidsverhoudinge 28 van 1956.

Die evaluering van wetgewende maatreëls wat die opleiding van gestremde persone reguleer, moet geskied in die lig van die ontwikkeling van die regulering van opleiding in die algemeen.

Die beleidstandpunt is dat die drieledige betrokkenheid van die Staat, werkgewers en werknemers gehandhaaf moet word. Die rol van die Staat is viervoudig:

1. Die instelling van 'n wetlike raamwerk waarbinne die partye in die privaatsektor hul opleidingstaak kan verrig;
2. die daarstelling van aansporingsmaatreëls vir privaatsektoropleiding;
3. die aanvulling van die opleidingspogings van die privaatsektor in belang van die nasionale ekonomie, en
4. opleiding vir die Staat se eie behoeftes.

Daar word aan hierdie doelwitte voldoen wat meebring dat die mannekragbeleid voldoen aan die vyf basiese funksies wat as vereistes aanvaar word vir wetgewing wat betrekking het op gestremdes.

b Wetgewing

1. Relevante statutêre maatreëls word in verskeie wette vervat.
2. Hierdie wette is op die hele land se werkerskorps van toepassing, ongeag bevolkingsgroep, kleur of geslag.
3. Opleiding word wyd gedefinieer om enige persoon beter te bekwaam vir werk wat in of in verband met nywerhede verrig word.
4. Die Nasionale Opleidingsraad tree in adviserende hoedanigheid op en die Raad se sentrale en koördinerende rol blyk uit die feit dat die Raad met die Departement Mannekrag, ander Staatsdepartemente en statutêre liggame saamwerk in verband met aangeleenthede wat met mannekragopleiding verband hou. Hierdie raad is behoorlik verteenwoordig deur die Staat, werkgewers en werknemers.
5. Die Nasionale Opleidingsraad stem ooreen met die voorstel dat 'n National Council for the welfare and rehabilitation of the disabled as 'n koördinerende liggaam in die lewe geroep moet word. Daar word selfs aan die vereiste verteenwoordigers voldoen.
6. Wetgewing maak voorsiening vir groeopleidingsentrums, private opleidingskemas en opleidingskemas.
7. Opleidingsadviseurs kan aangestel word om hulp te verleen by die vasstelling van behoeftes in verband met opleiding, kan advies bedien met betrekking tot ontwikkeling van programme vir opleiding, verbetering van gehalte van opleiding en die keuring van werknemers of werksoekers gedurende of na voltooiing van die opleiding.

8. Daar word dus ook voorsiening gemaak vir sogenaamde National advisory legal panels om die Nasionale Opleidingsraad behulpzaam te wees.
9. Die Mannekrageopleidingsfonds kan lenings aan opleidingskemas toestaan en word gefinansier met gelde wat die Parlement bewillig. Werkgewers kan ook 'n opleidingsheffing betaal.
10. Finansiële vergunnings word verleen aan werkgewers, geregistreerde vakverenigings, werkgewersorganisasies en federasies wat opleiding verskaf in die vorm van
 - belastingtoegewings,
 - instelling van 'n rabattstelsel,
 - finansiële insentiewe, en
 - hulptoelae.

Daar word dus gebruik gemaak van strategieë om werkgewers aan te moedig om gestremdes nie net op te lei nie maar in diens te neem.

11. 'n Program vir die opleiding van werksoekers is in werking gestel. Die doel van die program is om die indiensneembaarheid of werkopneembaarheid (employability) van werklose persone te verbeter en om te poog om hulle vaardighede beter te paar met die beskikbare geleentheid. Die klem val duidelik op die vereiste dat die opleiding as doel ekonomiese selfstandigheid van die gestremde moet bevorder. Die belangrikste aspekte van die program is die volgende:
 - i Geregistreerde werksoekers van alle bevolkingsgroepe kwalifiseer vir opleiding.
 - ii Sodanige werksoekers moet vir minstens ses weke werkloos wees.
 - iii Die program moet op persone tussen die ouderdom vyftien en dertig jaar gerig wees.

- iv Daar moet op persone gekonsentreer word wat hoogstens standerd 6 geslaag het.
- v Werksoekers moet wettig in die betrokke opleidingsgebied wees.
- vi Ten aanvang moet op metropolitaanse gebiede gekonsentreer word.
- vii Die opleiding moet van basiese en algemene aard wees en moet gerig wees op halfgeskoolde werk.
- viii Bestaande fasiliteite soos groeopleidingsentrums en private opleidingsentrums moet benut word.
- ix Die indiensplasingrade wat ingestel word ingevolge die Wet op Voorligting en Indiensplasing, moet verantwoordelik wees vir die instelling van skemas vir opleiding van werkloses.
- x Enige skema vir opleiding van werkloses moet op n vrywillige deelname berus.

4.2.5 Werkverskaffing

a Inleiding

Die maksimale indiensneming en benutting van die beskikbare mannekrag is een van die mees basiese ekonomiese doelwitte van die moderne staat en hierdie doelwit word onder andere nagestreef deur die toewysing van werk. In Suid-Afrika, soos uiteengesit in die basiese minimum standarde, neem die toewysing van werk twee vorms aan, naamlik werkverskaffing en die voorsiening van beroepsdienste. Ten aansien van die voorsiening van beroepsdienste sluit die werksaamhede van die Departement Mannekrag die volgende in: beroepsvoorligting, beroepsinligting, personeelkeuring en mannekragopnames.

Die Departement van Mannekrag se kwartaalblad REHABILITASIE IN SUID-AFRIKA bevat inligting betreffende rehabilitasie met die doel om vooroordeel teen gestremde werksoekers uit die weg te ruim en hulle indiensneming te bevorder. Noue skakeling word gehandhaaf met hospitale, rehabilitasieinrigtings, die onderskeie Nasionale Rade vir die versorging van gestremdes en met Staatsdepartemente belas met rehabilitasieaangeleenthede, byvoorbeeld ^{die} Departement van Nasionale Opvoeding, Departement Gesondheid, Welsyn en Pensioene en Departement van Gevangenis.

b Wetgewing

1. Werkverskaffingsdienste geskied op 'n nie-diskriminerende basis en is op alle werkers of potensiële werkers in Suid-Afrika van toepassing. Dit is dus gemik op die daarstelling en beskerming van regte.
2. Adviserende indiensplasingrade bestaan uit tussen ses en agtien lede waar die belange van werkgewers, werknemers en opvoedkundige en maatskaplike belange gelyke verteenwoordiging geniet. Die raad moet toesig hou oor werksoekers binne sy gebied en aan die Minister verslag doen oor onder andere werkverskaffing aan, opleiding en welsyn van en toesig oor werksoekers.
3. Voorligting- en indiensplasingentrums se funksies is onder andere voorsiening van advies, inligting en leiding aan enige persoon ten aansien van beroepskeuses, aanhou van register van werksoekers wat by die sentrum registreer, indiensplasing van werksoekers en hulpverlening aan werkgewers ten opsigte van personeelkeuring.
4. 'n Registrasiestelsel bestaan, maar dit berus op 'n vrywillige basis.

5. Private werkverskaffingskantore kan ook die in diensplasing van werksoekers en die werwing van werkers doen. Werkverskaffingsdienste kan ook deur arbeidsmakelaars verskaf word.

c Skemas wat werkverskaffing ten doel het

(i) Inleiding

n Verskeidenheid skemas wat werkverskaffing ten doel het, word aangetref:

- n Beskutte arbeidskema waarvolgens gestremde persone in spesiale fabriek in diens geplaas word;
- n loonsubsidieskema waarvolgens die lone van deelgeskikte persone wat deur die staatsdepartemente, provinsiale administrasies, die Suid-Afrikaanse Vervoerdienste en nie-winsgewende organisasies in diens geneem is, deur die Departement Mannekrag gesubsidieer word;
- die subsidiëring van spesiale werksinkels vir blindes, en
- bestaansveiligheid.

(ii) Beskutte arbeidskema

- Die doel soos in die basiese standaard uiteengesit, is om werkverskaffings- en rehabilitasiedienste aan gestremdes te verskaf.
- Die beskutte arbeidskema is nie by wetgewing gereël nie, maar by wyse van n reeks besluite en beslissings wat vervat is in n memorandum bekend as die Memorandum oor Beskutte Arbeid .
- Die memorandum bevat voorskrifte met betrekking tot beleid, finansiële beheer, diensvoorwaardes van beskutte arbeiders en personeel en die uitvoering van beskutte arbeidsprojekte.

- Die werking van die beskutte arbeidskema is soos volg:

n Beskutte arbeidsfabriek word op n vrywillige grondslag bestuur deur n organisasie sonder winsbejag. Die Staat onderneem om die projek te finansier. Die Departement Mannekrag verskaf al die fasiliteite (huisvesting, masjinerie, toerusting, ens.); bepaal die personeelstruktuur; reël bestellings om die projek aan die gang te hou, en waarborg om in te staan vir tekorte. Die produksie word beperk tot behoeftes van die Staat, provinsiale administrasies en Staats- of staatsondersteunde inrigtings. Plasingskomitees is in die groter sentrums ingestel om gestremdes vir beskutte arbeid te keur of ander rehabilitasiemaatreëls in werking te stel. Die hoof funksie van die komitee is om oorweging te skenk aan alle aansoeke om beskutte arbeid binne sy gebied. n Gestremde, vir doeleindes van die beskutte arbeidskema, is iemand wat dermate liggaamlik of geestesvertraag is dat hy of sy nie in staat is om werk in die mededingingstoestand op die ope arbeidsmark te verkry of te behou nie, maar nietemin daartoe in staat is om lonende werk in beskutte arbeidstoestande te verrig. Die vervaardigingswerkzaamhede sluit in die vervaardiging van meubels, klerasie, tekstiele, gebreide en seilgoedere, matrasse en beddegoed, leerware, plaatmetaalwerk, pypraammeubels en boekbindery. Die Departement Mannekrag hersien van tyd tot tyd die lone van die beskutte arbeiders. Die diensvoorwaardes van personeel by beskutte arbeidsfabrieke is soortgelyk aan dié wat vir staatsamptenare geld, maar sodanige persone word nie as werknemers van die Staat beskou nie.

- Die volgende probleemgebiede met betrekking tot Beskutte Arbeidskemas is geïdentifiseer:

Die bestaande beskutte arbeidskema maak slegs vir n klein persentasie van die bekende aantal arbeidsongeskikte persone voorsiening. Die bestaande werksinkels verskaf werk vir slegs 2 000 werkers, hoofsaaklik blankes. Baie wat in die skema opgeneem word, kan nie op die ope arbeidsmark in diens geneem

word nie weens persoonlikheids-, gedrags-, psigologiese of psigiatrisiese probleme. Gestremde persone is teësinnig om met hierdie werkwinkels geassosieer te word. Die algemene mening is dat die bestaande fasiliteite ontoereikend is en meer fasiliteite vir die ander bevolkingsgroepe is nodig. Die arbitrêre kwalifikasie van 50% — produktiwiteit plaas hierdie diens buite die bereik van 'n baie wye verskeidenheid van opleibare persone wat in diens geneem kan word, met inbegrip van die wat ernstig gestremd is. Die verskeidenheid van betrekings en take is te beperk en is meer daarop gemik om sekere artikels te produseer as om in die behoeftes van gestremde persone te voorsien en hulle potensiaal te ontwikkel. Bykomende werkerterreine moet verskaf word om te voorsien in die behoeftes van 'n groter verskeidenheid ongeskikte persone. Verdere tekortkomings is die vervoer en behuising van die werkers; die toestande waarin die beskutte arbeiders werk; welsynorganisasies moet by die beskutte arbeidskema betrek word; plattelandse gebiede word benadeel omdat die beskutte arbeidsfabrieke in die vernaamste stedelike gebiede geleë is; die diensvoorwaardes van die fabriek se bestuur en werkers moet drasties verbeter word, en die handel en nywerheid moet aktief betrek word. Die mening is uitgespreek dat die beheermaatreëls toereikend is en dat groter staatsbeheer nie nodig is nie aangesien die meeste van die geïdentifiseerde probleme aan 'n gebrek aan vakkundige personeel en reabilitasiefasiliteite toegeskryf kan word, eerder as ontoereikende beheer. Daar is aangevoer dat ondervinding in die Westerse wêreld aangetoon het dat met die leiding en finansiële steun van die staatsdepartemente verantwoordelik vir welsyndienste, welsynorganisasies in staat is om beskutte arbeidskemas meer ekonomies en doeltreffend te ontwikkel en uit te brei as wat dit vir staatsdepartemente moontlik sou wees. Wat wetgewing betref om die hele spektrum van beskutte arbeid te beheer, was daar nie eenstemmigheid nie. Sommige organisasies was van mening dat wetgewing noodsaaklik is omdat die huidige stelsel waarvolgens verskillende departemente verskillende aspekte beheer, onrealisties en onekonomies is. Ander het gereken dat slegs die

diensvoorwaardes van die personeel en werknemers aan wetgewing onderworpe moet word. Wat blindes betref, is daar beklemtoon dat die bestaande wetgewing van krag moet bly en dat omvattende wette oor alle gestremde persone nie op blindes van toepassing gemaak word nie. Die gestremdheid van 'n blinde skep nadele in diens wat nie met dié van ander gestremdhede vergelyk kan word nie. Daar is beklemtoon dat wetgewing die eenvormigheid en administrasie van die skemas sal vergemaklik, maar dat daar nie te veel klem op dwang en beperkende bepalings geplaas moet word nie. Sodanige wetgewing kan ook dien as beskermingsmaatreël teen die uitbuiting van beskutte arbeid.

- Die Regering het die volgende aanbevelings aanvaar:
 - (a) Die uitbreiding van die bestaande beskutte arbeidskema. Die spoed waarmee implementering kan geskied, sal van beskikbare fondse afhang en ook van werkopdragte wat tans net van Staats- en staatsondersteunde inrigtings en provinsiale administrasies ontvang word. Die moontlikheid om werk vir private ondernemings te verrig, moet ondersoek word.
 - (b) Die modernisering van die beskutte arbeidskema.
 - (c) Die beheer oor die beskutte arbeidskema moet nie deur wetgewing afgedwing word nie.
- Die ou benaming Beskutte Arbeidsfabrieke is vervang met Opleiding- en Werksentrum vir Gestremdes .

(iii) Loonsubsidieskema

Daar word voorsiening gemaak vir 'n loonsubsidieskema onder leiding van die Departement Mannekrag. Loonsubsidieskemas is beskikbaar vir goedgekeurde werkgewers van werknemers wat nie vir werk in die ope arbeidsmark geskik geag word nie. Loonsubsidie bedra 80% van die

werklike minimum loon vir die eerste 12 maande, 60% vir die tweede 12 maande en 40% vir die derde 12 maande.

Daar word dus voldoen aan die vereiste van 'n daarstelling van aansporing vir werkgewers om wel gestremdes in diens te neem. Die subsidie is ook vergelykbaar met die wat in die buiteland gemaak word. Daar word ook uitvoerig voorsiening gemaak vir die administrasie van die skema.

Gekoppel aan die loonsubsidie word daar ook voorsiening gemaak vir 'n kwota van poste wat varieer van stad tot stad. Die getalle word uitdruklik bepaal maar die getal gekleurdes kan verdeel word tussen Asiërs en Kleurlinge binne die diskresie van die Afdelingsinspekteurs. Daar word geen sanksie aan die kwotastelsel toegevoeg nie en dit word op 'n vrywillige basis geïmplementeer.

Daar bestaan kritiek teen die loonsubsidieskema wat as volg saamgevat kan word:

- Die loonsubsidieskema kan nie in isolasie gesien en hanteer word nie.
- Bepaal eers wat in die mark aangaan en waar behoeftes werklik is voordat besluit word hoe beskikbare fondse aangewend moet word of hoe die aanwending verander moet word.
- Die behoefte blyk te bestaan by gestremdes in 'n kategorie tussen Beskutte Arbeid en Beskermdde Werkplekke.
- Van die hersiene skema se uitgangspunte maak nie vir hierdie behoefte voorsiening nie.
- Opleiding in die vorm van "gereedmaak vir werk" is 'n groot behoefte wat hard deur die opvoedkunde aangespreek moet word, maar moontlik ten opsigte van gestremdes ook deur 'n Beskutte Arbeid-verbreding hanteer kan word. Werkgewers stel nie in

hierdie tipe opleiding belang nie en wil "klaar produkte" aanstel.

- Die verwydering van subsidiegrense kan werkgewers meer ontvanklik maak, maar daar is te veel welsyn in ons bemarking en daarmee gaan ons nie werkgewers gekoop kry nie. Wat van die subsidiëring van 'n Gereedmaak-vir-werk-veldtog vir alle werkers? Klaarblyklik het dit redelike sukses in Brittanje: 'n Persentasie word deur die werkgewer self opgeneem as permanente personeel en die ander het nou ondervinding en kan op gelyke voet meeding vir permanente betrekkinge.
- Die Senior Beroepsvoorligter reken dat daar gewag moet word tot die aanbevelings van die komitees wat die rehabilitasie en sorg van gestremdes ondersoek, beskikbaar is of geïmplementeer gaan word voordat ons die subsidieskema wysig.

Daar is voorstelle met betrekking tot die kritiek teen die loonsubsidieskema ingewin van die verskillende afdelingsinspekteurs. Daar blyk konsensus te wees aangaande die volgende:

1. Die loonsubsidieskema moet behou word.
2. Die subsidiebedrag wat deur die Staat betaal word, behoort verhoog te word om met inflasie tred te hou.
3. Daar behoort 'n minimum loon vasgestel te word wat die werkgewer moet betaal.
4. Die subsidiebydrae behoort vir alle rasse dieselfde te wees.
5. Reservering van sekere poste behoort met wetgewing verpligtend gemaak te word.

Daar word aangevoer dat aan hierdie voorstelle gehoor gegee moet word. Die Direkteur-generaal Mannekrag het dit net goed gevind

om erkenning te gee aan die betaling van 80% van die lone van gestremde persone wat by goedgekeurde werkgewers in diens geplaas is. Die subsidie word steeds oor 'n drie-jaar-periode verminder totdat dit heeltemal wegval.

(iv) **Spesiale werksinkels vir blindes**

Wat die posisie van die blinde betref, is daar spesifieke wetgewing wat op hulle van toepassing is. Die Wet op Blindes 26 van 1968 maak voorsiening vir registrasie van blindes self en hulle verenigings by die Departement van Volkswelsyn en Pensioene. Die Nasionale Raad vir Blindes koördineer al die geregistreeerde verenigings en tree as hulle spreekbuis op. Die enigste rol wat die Departement Mannekrag speel, is om sekere van die blindes se werksinkels^{te} subsidieer. Die Wet op Blindes maak egter geen voorsiening vir subsidie-doeleindes nie. Subsidiering word deur Tesourie goedgekeur en die departement se bydraes word volgens 'n vaste formule bereken. Die regering het die Wiehahn-kommissie se aanbeveling dat die subsidiering deur die Departement van Mannekrag uitgebrei moet word tot alle werksinkels vir alle bevolkingsgroepe, aanvaar.

Die masjinerie wat deur wetgewing vir die blindes daargestel is, voldoen aan die standaard aanvaarde riglyne. Die doeltreffendheid van die koördinerende liggaam, die Nasionale Raad vir Blindes, moet op gelet word, veral met verwysing na die gestremde in die algemeen.

(v) **Bestaansveiligheid**

Die Wet op Arbeidsverhoudinge 28 van 1956 bevat 'n groot aantal nywerheidsraadooreenkomste wat ook voorsiening maak vir bestaansveiligheid. Die fondse wat kragtens die raad beskikbaar gestel word, is gemik om mediese, farmaseutiese en siektevoordele te verskaf; om voorsiening te maak vir verpleeginrigting- en hospitaalbehandeling en om gratifikasies en/of annuïteite toe te staan in die geval van permanente arbeidsongeskiktheid.

Verder word daar ook in die Wet op Masjinerie en Beroepsveiligheid^{no.} 6 van 1983 voorsiening gemaak vir maatreëls wat van owerheidsweë aangeneem is om voorkomend op te tree wat die veiligheid van werkers betref. Daar word egter nie statutêr voorsiening gemaak vir 'n plig op die werkgewer om die veiligheid van sy werknemers te verseker nie. Die werkgewer is dus 'n gemeenregtelike plig teenoor sy werknemer verskuldig om met redelike sorg na die veiligheid van sy werknemers om te sien. Die wet maak voorsiening vir die daarstelling van 'n liggame wat in 'n adviserende hoedanigheid kan optree.

Buiten die wette wat deur die Departement van Mannekrag toegepas word, bestaan daar ook beide algemene en spesifieke wetgewing wat onder die beheer van ander staatsdepartemente val. Dit is hierdie feit wat die daarstelling van 'n koördinerende liggaam noodsaak.

4.3 Samevatting

Die mannekragbeleid met betrekking tot die opleiding en indiensplasing van gestremde persone in Suid-Afrika vergelyk goed met die internasionale basiese standaardvereistes wat in dié verband gestel word.

HOOFSTUK 5

AANBEVELINGS TEN AANSIEN VAN WETGEWING OM DIE OPLEIDING EN INDIENSPLASING VAN GESTREMDES TE BEVORDER

5.1 Bestek van ondersoek

Die aanbevelings het betrekking op die ondersoek na die wetgewing om die opleiding en indiensplasing van gestremdes te bevorder. Die wetgewende maatreëls wat ondersoek is, is dié wat deur die Departement Mannekrag geadministreer word. Die eerste fase van die ondersoek het bestaan uit 'n analise van die wetgewing wat betrekking het op opleiding en indiensplasing van gestremdes in die RSA, gepaardgaande met 'n regsvergelende studie van soortgelyke wetgewing in bepaalde Westerse lande. Die tweede en derde fase van die ondersoek behels die beoordeling van en aanbevelings ten aansien van die betrokke wetgewing.

5.2 Algemene aanbevelings

Die volgende aanbevelings word gedoen:

5.2.1 n Algemene Beleidsverklaring van die Regering ten aansien van gestremdes in die RSA moet in 'n witskrif uiteengesit word. Kennis moet in dié verband geneem word van die volgende: United World Programme of Action Concerning Disabled Persons en die Declaration of the Rights of Disabled Persons van die Verenigde Volke Organisasie asook die beleidsverklarings van die Internasionale Arbeidsorganisasie en die Raad van Europa met betrekking tot die rehabilitasie van gestremde persone.

As voorbeeld van so 'n algemene beleidsverklaring kan dien die besluit van die Komitee van Ministers van die Raad van Europa wat aangeneem is, naamlik: A coherent policy for the rehabilitation of disabled people (Resolution AP(84) 3 adopted by the Committee of Ministers of the Council of Europe, 17 September 1984 at the 375th

meeting of the Ministers' Deputies). In hierdie dokument word die algemene beleid soos volg gestel:

APPENDIX TO RESOLUTION AP(84) 3

I. GENERAL POLICY

1. Principles

Member States¹ should intensify preventive action to

- eliminate impairments, disabilities and handicaps;
- put into operation a comprehensive and co-ordinated rehabilitation policy;
- promote the full participation of disabled people in their rehabilitation and in community life.

2. General directives

(a) Goal and purpose of rehabilitation

(i) Rehabilitation concerns all areas of community life and is particularly directed towards the following aspects which should be smoothly co-ordinated and developed with the full participation of disabled people:

- prevention, identification and diagnosis of impairments, disabilities and handicaps;

1 For the purposes of this resolution, the expression Member States means the States party to the Partial Agreement (Belgium, France, Federal Republic of Germany, Italy, Luxembourg, Netherlands, United Kingdom of Great Britain and Northern Ireland) as well as Austria, Norway, Switzerland, Spain and Portugal.

- treatment, fitting of appliances and functional or medical rehabilitation;
- pupil and vocational guidance;
- schooling;
- vocational training and rehabilitation;
- employment, sheltered employment, job assessment and placement;
- technical and social aids, access to buildings, housing, communication, transport, leisure, sport and holidays;
- training of staff involved in rehabilitation;
- health education, information and research;
- social counselling;
- co-ordination of activities.

(ii) The principles underlying rehabilitation and the aims it pursue are as follows:

- to establish disabled people's right to integration and society's duty to achieve it;
- to eliminate physical and psychological obstacles in society and enable disabled people to participate fully;
- to recognise the need for early action in rehabilitation;
- to see the value of rehabilitating as completely as possible disabled people with a view to their integration or resettlement, preferably in their social environment, should such be

the case in their previous job, or in suitable employment in their previous working environment;

- to devise rehabilitation programmes which form a comprehensive, continuous, personalised process providing services from the onset of the impairment and moving on through successive stages until integration into working life and in society has been achieved;
- to ensure close and early co-operation between the staff and institutions involved in rehabilitation, and to establish liaison between the agencies and authorities concerned with the rehabilitation and employment of disabled people.

(iii) The rehabilitation programme should include all measures to

- prevent the appearance and aggravation of impairments, disabilities and handicaps and to eliminate or reduce their effects;
- prepare a disabled person to take up or resume a normal place in the community, particularly at work or in his ordinary social environment.

(iv) Rehabilitation should be viewed in general, collective and individual terms, and should be regarded as a comprehensive continuous process, providing services aimed at social and work integration. The active and continuous co-operation of the disabled person himself is essential. It is of the utmost importance to combine, as early as possible, medical treatment and the various stages of medical and occupational rehabilitation in order to eliminate or reduce the impairment, the disability and handicap.

(v) To this end, it is essential that rehabilitation should be viewed as a coherent process.

(vi) At the individual level, rehabilitation is a continuous process designed to avoid an impending disablement, to maintain, increase or restore the individual's capacity to engage in a normal activity.

In the context of a rehabilitation programme this process includes a variety of individual, complementary measures, applied simultaneously or successively:

- medical and physical measures
- psychological measures
- educational and vocational measures
- social measures
- rehabilitation into work

(b) Impairment, disability and handicap

In the context of health experience:

an IMPAIRMENT is any loss or abnormality of psychological, physiological or anatomical structure or function;

a DISABILITY is any restriction or lack (resulting from an impairment) of ability to perform an activity in the manner or within the range considered normal for a human being;

a HANDICAP is a disadvantage, for a given individual, resulting from an impairment or a disability, that limits or prevents the fulfilment of a role that is normal (depending on age, sex and social and cultural factors) for that individual.²

5.2.2 Die instelling van 'n oorkoepelende koördinerende liggaam

2 The terms disabled person (personne handicappe en francais) are used in the general context of the resolution. The differentiation between impairment, disability and handicap is useful to highlight the real impact of its provisions.

Die volgende aanbeveling word gedoen:

n Nasionale Raad vir die Welsyn en Rehabilitasie van gestremdes (National Council for the Welfare and Rehabilitation of the Disabled) moet ingestel word. As voorbeeld van sodanige koördinerende liggaam kan dien die raad wat voorgestel word in The Manila Statement Conclusions and Recommendations of the Second International Conference on Legislation Concerning the Disabled January 16-20 Manila 1978.

a Samestelling van die Raad

Belange wat verteenwoordig moet word, is alle Staatsdepartemente gemoeid met gestremdes, vrywillige organisasies en die organisasies van gestremde persone.

b Funksies van die Raad

1. Identifikasie van basiese behoeftes van gestremdes en enige ongelyke en diskriminerende praktyke wat gestremdes raak.
2. Instelling van n rehabilitasieplan waarin prioriteite uiteengesit word, die onderlinge rolle van die owerheid en private sektore en die geskikte metodes om die totale opset met betrekking tot gestremdes te behartig.
3. Die advisering van die owerheid met betrekking tot alle aspekte aangaande gestremdes.
4. Voortdurende evaluering van die effektiwiteit, beoordeel op kostevoordele, beginsels en waarde van dienste wat gelewer word.
5. As bykomende funksie kan so n liggaam ook die formulering op streeks- en nasionale vlak van die basiese beginsels wat op wetgewing vir gestremdes van toepassing is, koördineer. Die bestaande wetgewing moet voortdurend gemonitor word, wysigings

voorgestel en veral op die toepassing van sodanige wetgewing gelet word.

6. Die betrokke nasionale raad moet as 'n ombudsman waak oor die gestremdes in die RSA.

5.3 **Spesifieke aanbevelings met betrekking tot die wetgewende grondslag van die opleiding en indiensplasing van gestremde persone**

Hierdie aanbevelings kan as onderafdelings van die algemene beleidsverklaring met betrekking tot gestremdes in die witskrif uiteengesit word.

5.3.1 Aanbeveling ten opsigte van mannekragbeleid en mannekragbeplanning

Daar word aanbeveel dat

Die Regering in 'n witskrif uitdruklik verklaar dat die formele mannekragbeleid en mannekragbeplanning wat as gevolg van die aanbevelings van die Wiehahn-verslag tot stand gekom het (soos deur die Regering as sodanig in die Witskrif oor deel 2 par. 2.1 van dié Verslag erken) van toepassing is op gestremdes. Vervolgens moet uiteengesit word dat die gestremde daarop aanspraak kan maak dat ook sy werkkragte optimaal ontwikkel, benut en bewaar moet word; dat sy werkvermoë met inagneming van sy individuele aanleg en belangstelling tot die hoogste vlak ontwikkel behoort te word; dat sy werkkragte optimaal benut sal word deur die verskaffing van werkgeleenthede, beroepsopleiding en verhoging van produktiwiteit; en dat sy geestelike en liggaamlike gesondheid en welsyn van owerheidsweë aandag sal geniet.

Met aanvaarding van hierdie aanbeveling word dit bo enige twyfel duidelik gestel dat die wetgewende grondslag van die opleiding en indiensplasing van gestremdes te vinde is in die volgende twee wette:

Die Wet op Mannekrageopleiding 56 van 1981, en
Die Wet op Voorligting en Indiensplasing 62 van 1981.

Dit bring verder mee dat die Wet op Arbeidsverhoudinge^{no.} 28 van 1956 ook op gestremdes van toepassing is, veral die werksaamhede van die Nasionale Mannekragekommissie en die opleidingskemas wat ingevolge dié Wet ingestel word.

5.3.2 Aanbeveling ten opsigte van Internasionale Riglyne

Daar word aanbeveel dat

Die Regering hom in die witskrif verbind tot die aanvaarding as riglyn met betrekking tot opleiding en indiensplasing van gestremdes die Convention Concerning Vocational Rehabilitation and Employment (Disabled Persons) Convention 159 wat deur die Internasionale Arbeidsorganisasie op 20 Junie 1983 aangeneem is en na verwys word as The Vocational Rehabilitation and Employment (Disabled Persons) Convention, 1983. Gepaardgaande met hierdie konvensie moet ook die volgende as riglyne erken word: Vocational Rehabilitation (Disabled) Recommendation, 1955; Human Resources Development Recommendation, 1975 en Vocational Rehabilitation (Disabled) Recommendation, 1983.

Hierdie aanbeveling sluit aan by aanbeveling 4.1, vervat in die Witskrif oor Deel 5 van die Wiehahn-verslag met betrekking tot: ".die op een lyn bring van Suid-Afrika se nywerheidsverhoudingswette en praktyk met internasionale arbeidskonvensies, aanbeveling en dokumente". Dié aanbeveling wat destyds deur die Regering aanvaar is, het gelui: "Suid-Afrika moet, met behoorlike inagneming van sy inherente reg om plaaslike omstandighede en die wisselende stadiums van maatskaplike en ekonomiese ontwikkeling binne sy gemeenskap in aanmerking te neem, streef om sy arbeids- en nywerheidsverhoudingswette en -praktyk in die volste moontlike mate op een^{lyn} te bring met internasionale arbeidskonvensies, aanbevelings en ander internasionale dokumente."

Dele I, II en III van The Vocational Rehabilitation and Employment (Disabled Persons) Convention, 1983 lui soos volg:

PART I. DEFINITION AND SCOPE

Article 1

1. For the purposes of this Convention, the term "disabled person" means an individual whose prospects of securing, retaining and advancing in suitable employment are substantially reduced as a result of a duly recognised physical or mental impairment.

2. For the purposes of this Convention, each Member shall consider the purpose of vocational rehabilitation as being to enable a disabled person to secure, retain and advance in suitable employment and thereby to further such person's integration or reintegration into society.

3. The provisions of this Convention shall be applied by each Member through measures which are appropriate to national conditions and consistent with national practice.

4. The provisions of this Convention shall apply to all categories of disabled persons.

PART II. PRINCIPLES OF VOCATIONAL REHABILITATION AND EMPLOYMENT POLICIES FOR DISABLED PERSONS

Article 2

Each Member shall, in accordance with national conditions, practice and possibilities, formulate, implement and periodically review a national policy on vocational rehabilitation and employment of disabled persons.

Article 3

The said policy shall aim at ensuring that appropriate vocational rehabilitation measures are made available to all categories of disabled persons, and at promoting employment opportunities for disabled persons in the open labour market.

Article 4

The said policy shall be based on the principle of equal opportunity between disabled workers and workers generally. Equality of opportunity and treatment for disabled men and women workers shall be respected. Special positive measures aimed at effective equality of opportunity and treatment between disabled workers and other workers shall not be regarded as discriminating against other workers.

Article 5

The representative organisations of employers and workers shall be consulted on the implementation of the said policy, including the measures to be taken to promote co-operation and co-ordination between the public and private bodies engaged in vocational rehabilitational activities. The representative organisations of and for disabled persons shall also be consulted.

PART III. ACTION AT THE NATIONAL LEVEL FOR THE DEVELOPMENT OF VOCATIONAL REHABILITATION AND EMPLOYMENT SERVICES FOR DISABLED PERSONS

Article 6

Each Member shall, by laws or regulations or by any other methods consistent with national conditions and practice, take such steps as may be necessary to give effect to Articles 2, 3, 4 and 5 of this Convention.

Article 7

The competent authorities shall take measures with a view to providing and evaluating vocational guidance, vocational training, placement, employment and other related services to enable disabled persons to secure, retain and advance in employment; existing services for workers generally shall, wherever possible and appropriate, be used with necessary adaptations.

Article 8

Measures shall be taken to promote the establishment and development of vocational rehabilitation and employment services for disabled persons in rural areas and remote communities.

Article 9

Each Member shall aim at ensuring the training and availability of rehabilitation counsellors and other suitably qualified staff responsible for the vocational guidance, vocational training, placement and employment of disabled persons.

5.3.3 Aanbevelings ten opsigte van die implementering van die wetgewing wat op die opleiding en indiensplasing van gestremdes betrekking het

a Aanbeveling ten opsigte van opleiding van gestremde persone

"Opleiding" word in die Wet op Mannekragopleiding 56 van 1981 so wyd omskryf dat 'n gestremde daarop aanspraak kan maak dat dié wet ook op hom en sy opleiding van toepassing is om hom beter te bekwaam vir werk wat óf in, óf in verband met, nywerhede verrig word.

Die Nasionale Opleidingsraad is ingevolge dié wet, die vernaamste instrument van die regering in die toepassing van sy mannekragbeleid omdat die Raad die Minister van Mannekrag van advies moet bedien en

die werksaamhede van die Raad diē is wat die wet of Minister aan hom opdra.

Met betrekking tot opleiding word aanbeveel dat

Die Minister van Mannekrag aan die Nasionale Opleidingsraad spesifiek die opleiding van gestremdes opdra met inagneming van die internasionale riglyne wat deur die Regering erken word en binne die raamwerk van die aanvaarde arbeidsbeleid. Die gestremde persoon moet opgeneem word in die strewende van die NOR na beter opleidingsbedeling vir alle persone in die RSA en moet ingeskakel word in die reëlings wat getref word vir die opleiding van werksoekers, groepsopleidingsentrums, private opleidingskemas en ander opleidingskemas.

b Aanbeveling ten opsigte van die indiensplasing van gestremde persone

Daar word aanbeveel dat

Die voorligting en indiensplasing van gestremdes moet ten volle geïntegreer word in die voorligting en indiensplasing soos voorsien deur die Wet op Voorligting en Indiensplasing^{no}_Λ 62 van 1981. Die gestremdes moet in die eerste instansie beskou en behandel word soos enige ander "werksoeker" waarop die volle administratiewe masjinerie van diē wet van toepassing is, naamlik die registrasie van werksoekers, adviserende indiensplasingrade, voorligting en indiensplasingentrums, registrasie van private werkverskaffingskantore en die plaas van sekere verpligtinge op werkgewers. Slegs in die tweede instansie moet gestremdes behandel word as 'n besondere soort werksoeker met besondere omstandighede wat in ag geneem behoort te word.

Die oogmerk van hierdie aanbevelings is om te verseker dat die gestremde werksoeker nie as 'n afgesonderde probleem in 'n afsonderlike afdeling in die Departement van Mannekrag of skema aandag geniet nie, maar dat sodanige persone se belange ten volle in die algemene stelsel self geïntegreer word, met spesiale voorsiening vir die besondere omstandighede van die gestremde soos daar ook kennis

geneem word van besondere omstandighede van ander besondere werksoekers. Dit sluit aan by Art. 1 van die Vocational Rehabilitation (Disabled) Recommendation 168 of 1983 wat bepaal:

"5. In planning and providing services for the vocational rehabilitation and employment of disabled persons, existing vocational guidance, vocational training, placement, employment and related services for workers generally, should, wherever possible, be used with any necessary adaptations."

c Aanbeveling ten aansien van riglyne wat moet geld by opleiding en indiensplasing van gestremde persone

Daar word aanbeveel dat as riglyn vir die Departement Mannekrag met betrekking tot die opleiding en indiensplasing van gestremde persone moet geld die Vocational Rehabilitation and Employment (Disabled Persons) Recommendation 168 of 1983. Die riglyne wat in dié aanbeveling uiteengesit word, het betrekking op beroepsrehabilitasie en werkgeleenthede, gemeenskapsdeelname, beroepsrehabilitasie in die landelike gebiede, die opleiding van personeel, die bydraes van werkgewers en werkgewerorganisasies tot die ontwikkeling van beroepsrehabilitasiedienste, die bydraes van gestremde persone en hul organisasies tot die ontwikkeling van beroepsrehabilitasiedienste, beroepsrehabilitasie ingevolge maatskaplike sekerheidskemas (social security schemes), die koördinering van beroepsrehabilitasiebeleid en -programme met ander beleide en programme in die land.

d Aanbevelings met betrekking tot beleidsverklaring deur die Regering ten aansien van beroepsrehabilitasie en werkgeleenthede

Daar word aanbeveel dat

In die witskrif die Regering hom uitdruklik verbind tot die beginsels met betrekking tot beroepsrehabilitasie en werkgeleenthede vir gestremdes soos uiteengesit is in die Vocational Rehabilitation and Employment (Disabled Persons) Recommendation 168 of 1983 , naamlik:

"Disabled persons should enjoy equality of opportunity and treatment in respect of access to, retention of and advancement in employment which, wherever possible, corresponds to their own choice and takes account of their individual suitability for such employment.

"In providing vocational rehabilitation and employment assistance to disabled persons, the principle of equality of opportunity and treatment for men and women workers should be respected.

"Special positive measures aimed at effective equality of opportunity and treatment between disabled workers and other workers should not be regarded as discriminating against other workers.

"Measures should be taken to promote employment opportunities for disabled persons which conform to the employment and salary standards applicable to workers generally.

"Such measures, in addition to those enumerated in Part VII of the Vocational Rehabilitation (Disabled) Recommendation, 1955, should include the measures set out in Article 11 of the Vocational Rehabilitation and Employment (Disabled Persons) Recommendation, 1983."

5.4 Aanbevelings met betrekking tot 'n wetgewende program ten aansien van gestremde persone

Daar word aanbeveel dat

Die regering hom verbind tot 'n positiewe wetgewende program ten aansien van gestremdes met inagneming van internasionale riglyne en die besondere omstandighede wat in die RSA geld. In dié verband moet die Regering hom veral verbind om in so 'n wetgewende program as grondslag die beginsels wat in die Manila Statement (Conclusions and Recommendations of the Second International Conference on Legislation Concerning the Disabled January 16-20 (1978)) uiteengesit is, op te neem. Kyk bylae A.

HOOFSTUK 6

SAMEVATTING

6.1 Inleidende samevatting van navorsing

Die ondersoek na wetgewing om die opleiding en indiensplasing van die gestremde persoon te bevorder, het as grondliggende probleem die aard van die wetlike grondslag wat sodanige bevordering moet bewerkstellig. Die doel van dié betrokke ondersoek was dus om eerstens vas te stel wat die bestaande wetgewende raamwerk in die RSA is waarvolgens die opleiding en indiensplasing van gestremdes gereël word. 'n Regsvergelykende studie is vervolgens gemaak van soortgelyke wetgewing in Westerse lande en kennis is geneem van die internasionale konvensies, aanbevelings, beleidsverklarings en ander dokumente wat internasionale standaarde en riglyne ten aansien van opleiding en indiensplasing van gestremdes bepaal. Die metodes toegepas, was om regsvergelykend te werk en die verskillende wetgewende maatreëls en materiaal te evalueer. Die navorsingsgebied is begrens deurdat die ondersoek beperk is tot die wetgewing wat deur die Departement Mannekrag geadministreer word ten opsigte van die opleiding en indiensplasing van die gestremde persoon.

Die opleiding en indiensplasing van persone in die RSA het met die aanvaarding van die Regering van 'n mannekragbeleid en 'n mannekragbeplanning (Witskrif Deel 2 van Wiehahn-verslag) tot gevolg gehad dat die Wet op Mannekragopleiding 56 van 1981 en die Wet op Voorligting en Indiensplasing 62 van 1981 op die Wetboek geplaas is. Deur middel van hierdie wette is 'n infrastruktuur neergelê, waarvolgens 'n dinamiese mannekragbeleid uitgevoer kan word en waarvolgens die opleiding en indiensplasing van ook die gestremde persoon tot sy reg kan kom. Deurdat die mannekragbeleid van die Regering op alle persone van toepassing is, geld hierdie beleid ook ten opsigte van gestremde persone. So ook die fundamentele arbeidsregte wat die Regering in Deel 5 (Wiehahn-verslag) erken het. Daarbenewens het die Regering in par. 4.1 van die Witskrif (Deel 5 van Wiehahn-verslag)

die beginsel aanvaar om met inagneming van ons plaaslike omstandighede daarna te streef om ons arbeids- en nywerheidsverhoudingswette en -praktyke in die volste moontlike mate op een lyn te bring met internasionale arbeidskonvensies, aanbevelings en ander internasionale dokumente.

Nieteenstaande die feit dat die bestaande wetgewing in die RSA wat die opleiding en indiensplasing van persone reguleer ook op die gestremde persoon van toepassing is, is die bestaande masjinerie nog nie ten volle in belang van die gestremde aangewend nie. Sodanige belange sal eers volle aandag geniet indien die Regering in 'n Witskrif hom verbind tot 'n algemene beleid waardeur die belange van die gestremde persoon positief bevorder kan word. 'n Belangrike onderdeel van so 'n beleid is die opleiding en indiensplasing van die gestremde persoon. In die beleidsverklaring moet die Regering hom verbind om bepaalde internasionale konvensies, aanbevelings en dokumente as riglyne te beskou. Die Regering moet hom ook verbind om 'n positiewe wetgewende program ten aansien van die gestremde persoon in werking te stel wat in ooreenstemming is met internasionale riglyne. As deel van so 'n wetgewende program moet die Regering bepaalde skemas, soos die beskutte arbeidskema en die loonsubsidieskema, in die Staatskoerant publiseer sodat hierdie skemas as ondergeskikte wetgewing die nodige bekendstelling, eenvormigheid en afdwingbaarheid kan geniet.

Die belange van die gestremde persoon in die algemeen, en die bevordering van sy opleiding en indiensplasing in die besonder, kan alleen tot sy reg kom indien 'n oorkoepelende nasionale liggaam ingestel word wat oor die belange van die gestremde persoon waak, die werklike toepassing van die talryke wetgewing wat op so 'n persoon van toepassing is, monitor, voorstelle van wetswysigings maak en nuwe wetgewing inisieer. So 'n liggaam kan 'n groot rol speel om die positiewe wetgewende program van die Regering te formuleer en uit te voer.

6.2 BEVINDING EEN:BEHOEFTE AAN 'N NASIONALE BELEID

6.2.1 Bevinding

Die gestremde persoon word onderhewig gestel aan 'n groot aantal wette wat deur 'n verskeidenheid van staatsdepartemente geadministreer word. Dit bring mee dat verskillende beleidsoorwegings geld na gelang ^{van} die besondere wet of departement. Daar bestaan tans nie 'n algemene nasionale beleid wat op alle aspekte van die gestremde persoon betrekking het nie.

6.2.2 Motivering

Uit die aard van die saak moet daar 'n verskeidenheid van wette wees omdat dit nie moontlik is om al die aangeleenthede wat by die gestremde persoon ter sprake kom, in een wet saam te vat nie. Dit is ook die geval in die wetgewing van ander Westerse lande. Daar is egter behoefte aan 'n nasionale beleid wat ten opsigte van die gestremde persoon moet geld. Dit sal oorvleueling en teenstrydighede uitkakel, koördinering moontlik maak en veral onontbeerlik wees vir 'n positiewe beplanning van die bevordering van die belange van die gestremde. Die belangrikste is dat die Regering hom tot optrede verbind. 'n Soortgelyke beleidsverklaring geld ten opsigte van 'n arbeidsbeleid en beplanning.

6.2.3 Eerste aanbeveling

'n Algemene beleidsverklaring van die Regering ten aansien van die gestremde persoon in die RSA moet in 'n witskrif uiteengesit word. Internasionale riglyne bestaan wat sodanige beleidsverklarings betref (sien par. 5.2.1).

6.2.4 Implikasie van dié aanbeveling vir die gestremde persoon

Van owerheidsweë word erkenning verleen aan die behoeftes van die gestremde en dat daar positiewe optrede moet volg.

6.3 BEVINDING TWEE: GEBREK AAN OORSIGTELIKHEID EN KOÖRDINERING

6.3.1 Bevinding

Die groot aantal wette en staatsdepartemente wat met die gestremde gemoeid is, bring mee dat daar 'n gebrek aan oorsigtelikheid is en daarmee gepaardgaande koördinering.

6.3.2 Motivering

Daar behoort 'n nasionale liggaam te wees wat aandag skenk aan die totaliteit van belange wat ten opsigte van die gestremde persoon geld. Die liggaam moet as waghond oor sodanige belange dien. Die funksies van sodanige liggaam is genoegsame motivering. Sien voorstel van Manila Statement (par. 5.2.2).

6.3.3 Tweede aanbeveling

'n Nasionale Raad vir die Welsyn en Rehabilitasie van Gestremdes moet ingestel word.

6.3.4 Implikasie van dié aanbeveling vir die gestremde persoon

Dit kan slegs tot voordeel vir die gestremde persoon wees indien daar 'n liggaam is wat 'n wakende oog hou oor die wyse waarop al die wette geadministreer word, die wysiging van bestaande wetgewing kan inisieer en in die algemeen die belange van die gestremde kan bevorder. So 'n liggaam kan ook navorsing inisieer en koördineer.

6.4 BEVINDING DRIE: TOEPASLIKHEID VAN MANNEKRAGBELEID EN -BEPLANNING

6.4.1 Bevinding

Die Regering het 'n mannekragbeleid en mannekragbeplanning aanvaar (Witskrif oor Deel 2 van die Wiehahn-verslag). Omdat die beleid op alle persone van toepassing is, is dit ook van toepassing op gestremde persone.

6.4.2 Motivering

'n Positiewe verklaring van owerheidsweë ten aansien van hierdie beleid en beplanning om dit duidelik te stel dat die gestremde persoon ook daarby betrek word, is noodsaaklik vir die toekomstige bevordering van die belange van die gestremde persoon.

6.4.3 Derde aanbeveling

Die Regering in 'n witskrif uitdruklik verklaar dat die formele mannekragbeleid en mannekragbeplanning wat as gevolg van die aanbevelings van die Wiehahn-verslag (par. 2.1 van Deel 2) deur die Regering aanvaar is, op gestremde persone van toepassing is.

6.4.4 Implikasie van dië aanbeveling vir die gestremde persoon

Dit bring mee dat die gestremde persoon daarop aanspraak kan maak dat ook sy werkkragte optimaal ontwikkel, benut en bewaar moet word; dat sy werkvermoë met inagneming van sy individuele aanleg en belangstelling tot die hoogste vlak ontwikkel behoort te word; dat sy werkkragte optimaal benut sal word deur die verskaffing van werkgeleenthede, beroepsopleiding en verhoging van produktiwiteit, en dat sy geestelike en liggaamlike gesondheid en welsyn van owerheidsweë aandag sal geniet.

Deur die arbeidsbeleid uitdruklik op die gestremde persoon ook van toepassing te maak, bring verder mee dat die arbeidsregte wat deur die Regering erken is ook op gestremde persone van toepassing is. Dit stel onomwonde vas dat die wetgewende grondslag van die opleiding en indiensplasing van die gestremde persoon gereguleer word deur

Die Wet op Mannekragopleiding 56 van 1981 en
Die Wet op Voorligting en Indiensplasing 62 van 1981.

Die Wet op Arbeidsverhoudinge 28 van 1956 is ook van toepassing, veral die werksaamhede van die Nasionale Mannekragkommissie en die opleidingskemas wat ingevolge dié Wet ingestel word.

6.5 BEVINDING VIER: INTERNASIONALE RIGLYNE

6.5.1 Bevinding

Die Regering het in die Witskrif oor Deel 5 van die Wiehahn-verslag met betrekking tot internasionale riglyne die volgende aanbeveling aanvaar:

"Suid-Afrika moet, met behoorlike inagneming van sy inherente reg om plaaslike omstandighede en die wisselende stadiums van maatskaplike en ekonomiese ontwikkeling binne sy gemeenskap in aanmerking te neem, streef om sy arbeids- en nywerheidsverhoudingewette en -praktyke in die volste moontlike mate op een^{lyn} te bring met internasionale arbeidskonvensies, aanbevelings en ander internasionale dokumente."

6.5.2 Motivering

Hierdie aanvaarding van internasionale riglyne bring mee dat hierdie beginsels ook in ag geneem moet word by die opleiding en indiensplasing van die gestremde persoon in die RSA.

6.5.3 Vierde aanbeveling

Die Regering hom in die Witskrif verbind tot die aanvaarding as riglyn van die Vocational Rehabilitation and Employment (Disabled Persons) Convention, 1983, asook die riglyne Vocational Rehabilitation (Disabled) Recommendation, 1955, Human Resources Development Recommendation, 1975 en Vocational Rehabilitation (Disabled) Recommendation, 1983.

6.5.4 Implikasie van dié aanbeveling vir die gestremde persoon

Word hierdie aanbeveling aanvaar, word verseker dat die opleiding en indiensplasing van die gestremde persoon in die RSA in ooreenstemming met internasionale riglyne bevorder word.

6.6 BEVINDING VYF: INTEGRERING VAN OPLEIDING

6.6.1 Bevinding

Die opleiding van die gestremde persoon word nog te veel gesien as 'n besondere funksie binne die Departement Mannekrag en is nie ten volle geïntegreer in die stelsel wat in die algemeen bestaan vir die opleiding van werksoekers nie.

6.6.2 Motivering

Die opleiding van die gestremde persoon kan slegs tot sy reg kom indien die volle opleidingsmasjinerie op hom van toepassing gemaak word. Dit sluit aan by die Vocational Rehabilitation (Disabled) Recommendation 168 van 1983 wat bepaal dat opleiding by die bestaande stelsel moet inskakel.

6.6.3 Vyfde aanbeveling

Die Minister van Mannekrag aan die Nasionale Opleidingsraad spesifiek die opleiding van die gestremde persoon opdra met inagneming van die internasionale riglyne wat deur die Regering erken word binne die raamwerk van die aanvaarde arbeidsbeleid. Die gestremde moet opgeneem word in die strewe van die NOR na 'n beter opleidingsbedeling vir alle persone in die RSA en moet ingeskakel word in die reëlings wat getref word vir die opleiding van werksoekers, groepsopleidingsentrums, private opleidingskemas en ander opleidingskemas.

6.6.4 Implikasie van dié aanbeveling vir die gestremde persoon

Deur die opleiding spesifiek aan die NOR op te dra, word die aandag spesifiek op hierdie groep werksoekers gevestig en kan die NOR toesien dat die gestremde persoon ten volle geïntegreer word in die stelsel wat deur wetgewing vir die opleiding van werksoekers beskikbaar gestel word.

6.7 BEVINDING SES: VOORLIGTING EN INDIENSPLASING

6.7.1 Bevinding

Die indiensplasing van gestremde persone geskied tans nie as 'n geïntegreerde deel van die algemene voorligting en indiensplasing van werksoekers nie.

6.7.2 Motivering

Om ten volle geïntegreer te word by die stelsel wat deur die Wet op Voorligting en Indiensplasing voorsiening maak, is dit nodig dat die gestremde soos enige ander werksoeker opgeneem word.

6.7.3 Sesde aanbeveling

Die voorligting en indiensplasing van die gestremde persoon moet ten volle geïntegreer word in die voorligting en indiensplasing soos voorsien deur die Wet op Voorligting en Indiensplasing 62 van 1981. Die gestremde persoon moet in die eerste instansie beskou en behandel word soos enige ander werksoeker waarop die volle administratiewe masjinerie van die wet van toepassing is, naamlik die registrasie van werksoekers, adviserende indiensplasingrade, voorligting en indiensplasingentrums, registrasie van private werkverskaffingskantore en die plasing van sekere verpligtings op die werkgewers. Slegs in die tweede instansie moet die gestremde persoon behandel

word as 'n besondere soort werksoeker met besondere omstandighede wat in aanmerking geneem moet word.

6.7.4 Implikasie van dié aanbeveling vir die gestremde persoon

Die aanvaarding van hierdie aanbeveling bring mee dat die indiensplasing van die gestremde persoon nie as 'n afsonderlike funksie van 'n bepaalde afdeling van die Departement Mannekrag is nie maar ten volle geïntegreer word in die algemene indiensplasingfunksie wat ten opsigte van alle persone geld.

6.8 BEVINDING SEWE: OMVATTENDE BELEIDSVERKLARING: BEROEPSREHABILITASIE EN WERKGELEENTHEDE

6.8.1 Bevinding

Behoeftes bestaan vir 'n omvattende beleidsverklaring met betrekking tot die beroepsrehabilitasie en werkgeleenthede vir die gestremde persoon.

6.8.2 Motivering

Daar behoort duidelikheid te bestaan oor wat beoog word met die beroepsrehabilitasie en werkgeleenthede vir die gestremde persoon. Internasionale riglyne is hier van waarde.

6.8.3 Sewende aanbeveling

In die witskrif moet die Regering hom uitdruklik verbind tot die beginsels met betrekking tot beroepsrehabilitasie en werkgeleenthede vir die gestremde persoon soos uiteengesit is in die Vocational Rehabilitation and Employment (Disabled Persons) Recommendation, 1983 (5.3.3.4).

6.8.4 Implikasie van dié aanbeveling vir die gestremde persoon

Die Regering onderneem ingevolge hierdie aanbeveling om aan die gestremde persoon gelyke geleentheid en behandeling te verseker wat toegang tot die behoud van en bevordering in sy werk, van sy eie keuse met inagneming van sy individuele omstandighede, betref. Metodes moet aangewend word om werkgeleentheid te bevorder wat in ooreenstemming is met die indiënsneming van ander werkers, ens.

6.9 BEVINDING AGT: WETGEWENDE PROGRAM

6.9.1 Bevinding

Daar bestaan 'n behoefte aan 'n positiewe wetgewende program ten aansien van gestremdes.

6.9.2 Motivering

Daar is 'n groot aantal wette wat op die gestremde van toepassing is. Dit is nodig om na al hierdie wette te kyk om vas te stel of al die belange van die gestremde persoon na behore behartig word. 'n Oorsigtelike beleid ten opsigte van gestremdes is noodsaaklik en daar moet dus 'n positiewe wetgewende program ingestel word.

6.9.3 Agste aanbeveling

Die Regering moet hom verbind tot 'n positiewe wetgewing program ten aansien van gestremdes met inagneming van internasionale riglyne en die besondere omstandighede wat in die RSA geld. In dié verband moet die Regering hom verbind om in sy wetgewende program as grondslag die beginsels soos in die Manila Statement (Conclusions and Recommendations of the Second International Conference on Legislation Concerning the Disabled Jan.16-20 1978) uiteengesit is, op te neem.

6.9.4 Implikasies van dié aanbevelings vir die gestremde persoon

Dit is vir die gestremde noodsaaklik dat daar voortdurend na die wetgewing wat op hom van toepassing is, gekyk moet word en dat

wetgewing nie lukraak aan getorring moet word nie maar dat wetgewing in dié verband hanteer word binne 'n positiewe wetgewende program.

6.10 BEVINDING NEGE: SKEMAS WAT NIE AFGEKONDIG IS NIE

6.10.1 Bevinding

Daar bestaan skemas wat in die Departement Mannekrag ingestel en ontwikkel is wat nie in die Staatskoerant afgekondig is nie.

6.10.2 Motivering

Skemas wat die belange van die gestremde persoon raak, behoort in die Staatskoerant afgekondig te word om sodoende as ondergeskikte wetgewing regs krag te geniet en gevolglik nie bloot op 'n administratiewe besluit berus nie.

6.10.3 Negende aanbeveling

Bepaalde skemas, soos die Beskutte-arbeidskema en die Loonsubsidieskema, moet in die Staatskoerant afgekondig word sodat sodanige skemas die regs krag van ondergeskikte wetgewing geniet. Dit sal bydra tot die afdwingbaarheid van sodanige skemas, die bekendstelling daarvan en eenvormigheid.

6.10.4 Implikasies van dié aanbeveling vir die gestremde persoon

'n Afkondiging van die skemas is tot voordeel vir die gestremde omdat so 'n skema dan aan hom bekend is, dit tot eenvormigheid lei en dat hy sekere aansprake as gevolg van die afkondiging verkry.

6.11 BEVINDING TIEN: AANSPORINGSMAATREËLS

6.11.1 Bevinding

Aansporingsmaatreëls waardeur werkgewers aangemoedig word om groter getalle gestremde persone in diens te neem, het nog geen wetlike beslag in die Republiek gekry nie.

6.11.2 Motivering

Die Wiehahn-verslag het reeds in aanbeveling 3.43 (Verslag 3 op bl. 365) die mening uitgespreek dat aandag gegee moet word aan die daarstelling van gepaste aansporing om werkgewers aan te moedig om groter getalle gestremde persone in diens te neem.

6.11.3 Tiende aanbeveling

By die uitbouing van 'n positiewe wetgewende program moet ernstige aandag gegee word aan die moontlikheid om by wyse van wetgewing aansporingsmaatreëls in te stel waardeur werkgewers aangemoedig word om groter getalle gestremde persone in diens te neem.

6.11.4 Implikasies van dié aanbeveling vir die gestremde persoon

Geskikte aansporingsmaatreëls sal meebring dat werknemers meer insiklik sal wees om gestremde persone in diens te neem en sodoende sal die indiensplasing van gestremde persone bevorder word.

6.12 SLOTPERSPEKTIEF

Die voorstelle met betrekking tot die bevordering van die opleiding en indiensplasing van die gestremde persoon moet daarmee rekening hou dat die Suid-Afrikaanse regstelsel nie voorsiening maak vir die afdwinging van menseregte nie. Daarbenewens word 'n vrye-markeconomie voorgestaan. Dit bring mee dat die opleiding en indiensplasing van 'n gestremde persoon hoofsaaklik op 'n vrywillige basis geskied. Voorsiening word dus nie gemaak vir die afdwinging van regte nie. Die

owerheid onderneem weliswaar verpligtinge met betrekking tot opleiding en indiensplasing binne die raamwerk van 'n erkende arbeidsbeleid. Daar bestaan gevolglik wel 'n raamwerk waarbinne die opleiding en indiensplasing van die gestremde persoon gereël word. Wat egter ontbreek en tans 'n behoefte is, is dat die owerheid hom moet verbind tot 'n meer positiewe beleid om die gestremde persoon by die bestaande stelsel te integreer. Aanvullend en ter uitvoering van so 'n beleid word verlang dat daar 'n positiewe wetgewende program tot bevordering van die gestremde persoon ingestel behoort te word, waaronder ook sy opleiding en indiensplasing bevorder kan word. Die algemene beleid en wetgewende program moet na aanleiding van die internasionale riglyne opgestel word.

HOOFSTUK 7

AANBEVELINGS VERVAT IN HOOFSTUK 6

7.1 n Algemene beleidsverklaring van die Regering ten aansien van die gestremde persoon in die RSA moet in n witskrif uiteengesit word. Internasionale riglyne bestaan wat sodanige beleidsverklarings betref (sien par. 5.2.1) .

7.2 n Nasionale Raad vir die Welsyn en Rehabilitasie van Gestremdes moet ingestel word.

7.3 Die Regering in n witskrif uitdruklik verklaar dat die formele mannekragbeleid en mannekragbeplanning wat as gevolg van die aanbevelings van die Wiehahn-verslag (par. 2.1 van Deel 2) deur die Regering aanvaar is, van toepassing op gestremde persone is.

7.4 Die Regering hom in die witskrif verbind tot die aanvaarding as riglyn van die Vocational Rehabilitation and Employment (Disabled Persons) Convention, 1983 asook die riglyne Vocational Rehabilitation (Disabled) Recommendation, 1955 , Human Resources Development Recommendation, 1975 en Vocational Rehabilitation (Disabled) Recommendation, 1983.

7.5 Die Minister van Mannekrag aan die Nasionale Opleidingsraad spesifiek die opleiding van die gestremde persoon opdra met inagneming van die internasionale riglyne wat deur die Regering erken word binne die raamwerk van die aanvaarde arbeidsbeleid. Die gestremde moet opgeneem word in die strewe van die NOR na n beter opleidingsbedeling vir alle persone in die RSA en moet ingeskakel word in die reëlings wat getref word vir die opleiding van werksoekers, groepsopleidingsentrums, private opleidingskemas en ander opleidingskemas.

7.6 Die voorligting en indiensplasing van die gestremde persoon moet ten volle geïntegreer word in die voorligting en indiensplasing soos voorsien deur die Wet op Voorligting en Indiensplasing 62 van 1981. Die gestremde persoon moet in die eerste instansie beskou en

behandel word soos enige ander werksoeker waarop die volle administratiewe masjinerie van die Wet van toepassing is, naamlik die registrasie van werksoekersadviserende indiensplasingrade, voorligting en indiensplasingentrums, registrasie van private werkverskaffingskantore en die plasing van sekere verpligtinge op die werkgewers. Slegs in die tweede instansie moet die gestremde persoon behandel word as 'n besondere soort werksoeker met besondere omstandighede wat in aanmerking geneem moet word.

7.7 In die witskrif die Regering hom uitdruklik verbind tot die beginsels met betrekking tot beroepsrehabilitasie en werkgeleentheid vir die gestremde persoon soos uiteengesit is in die Vocational Rehabilitation and Employment (Disabled Persons) Recommendation, 1983 (5.3.3.4).

7.8 Die Regering hom verbind tot 'n positiewe wetgewende program ten aansien van gestremdes met inagneming van internasionale riglyne en die besondere omstandighede wat in die RSA geld. In dié verband moet die Regering hom verbind om in sy wetgewende program as grondslag die beginsels soos in die Manila Statement (Conclusions and Recommendations of the Second International Conference on Legislation Concerning the Disabled Jan.16-20 1978) uiteengesit is, op te neem.

7.9 Bepaalde skemas, soos die Beskutte-arbeidskema en die Loonsubsidieskema, moet in die Staatskoerant afgekondig word sodat sodanige skemas die regsrag van ondergeskikte wetgewing geniet. Dit sal bydra tot die afdwingbaarheid van sodanige skemas, die bekendstelling daarvan en eenvormigheid.

7.10 By die uitbouing van 'n positiewe wetgewende program moet ernstige aandag gegee word aan die moontlikheid om by wyse van wetgewing aansporingsmaatreëls in te stel waardeur werkgewers aangemoedig word om groter getalle gestremde persone in diens te neem.

BIBLIOGRAFIE

Werkstuk: Navorsing ten aansien van ondersoek na wetgewing om die opleiding en indiensplasing van die gestremde persoon te bevorder

- Bray, W. n Administratiefregtelike ondersoek na die behandeling van geestesongestelde minderjariges (ongepub. LLM-verhandeling). Unisa. 1986.
- Kachelhoffer, G.C. Die betekenis van Ondergeskikte Wetgewing vir die Administratiefreg in Suid-Afrika (ongepub. LL.D.-proefskrif). Unisa. 1972.
- Kulkarni, MR. Quota Systems and the Employment of the Handicapped Experiences in three countries. University Center for International Rehabilitation, Michigan: State University. 1982.
- Reubens, BG. The Hard-to-Employ: European Programs. Columbia University Press New York and London. 1970.
- Van Jaarsveld, SR. Suid-Afrikaanse Arbeidsreg Vol. I. (3e uitg) 1983.
- Bordieri, JE. and Cominel, ME. Competitive Employment for Workers with Disabilities: An International Perspective. July/August/September 1987 Journal of Rehabilitation, 51-54.
- Nelan, AP. Placements: Riding towards the Crest April/May/June 1986 American Rehabilitation, 15-17 and 32-33.
- Eckholm, G. Swedish Health and Social Legislation for the disabled and their integration in Society.
- Gokhale, SD. Social Legislation for the Disabled - Indian Context.
- Greza, G. The Right to Prevention, Early Detection and Medical Rehabilitation.
- Hammerman, SR. The International Comparative Study on Legislation for Equalization of Opportunities and Actions of Rehabilitation International in the Field of Legislation, Vienna, June 1986.
- Hulek, A. Legislation in some Socialist countries.
- Hulek, A. Legislation in Poland and in some other Socialist Countries.
- Mara, G. Statement on the United Nations Involvement in Legislation in the Field of Disability, Vienna, June 1986.

- Menken, MWJ. The Place of the Handicapped person in Society from the viewpoint of the new trends in vocational legislation.
- Moriyama, M. Expansion of Legislation of Social Security and Rehabilitation after World War II.
- Mulatier, W. The Universal Declaration of Human Rights.
- Seton, ER. The Role of Non-Governmental Organizations in the Legislative Process. United Nations Vienna International Center, June 1986.
- Smyth, JF. Cooperation of Council of Europe Member States in the Field of Legislation on the Rehabilitation of Disabled Persons, Strasbourg.
- Webber, JN. Study of Legislation of Rehabilitation International, United Nations and World Health Organisation, March 1986.
- Canadian Charter of Rights and Freedoms, 1981.
- Constitution of China Welfare Fund for the Handicapped.
- Council of Europe: A Coherent Policy for the Rehabilitation of Disabled People, 1984.
- Declaration of the Rights of a Child.
- Declaration on the Decade of Disabled Persons, The Government of Canada.
- Declaration on Social Progress and Development, General Assembly, Resolution 2543, Strasbourg, 11 December 1969.
- Draft before final meeting of the working group: Fundamental Legislative and social policy provisions for equalization of opportunities for disabled persons - Group I. Fundamental Legislative and Social Policy Provisions for Equalisation of Opportunities for Disabled Persons; Group II The Role of Non-Governmental Organisations in the Legislative Process; Group III Implementation of Legislation
- The Federal Republic of Germany:
- Sozialgesetzbuch - Allgemeiner Teil
- Bundesgesetzblatt Teil I Ausgegeben zu Bonn am Juli 1986
- Tilch H - Münchener Rechts-Lexikon Band 3 "Schwerbehinderte"
- First International Conference on Legislation Concerning the Disabled, Rome 1971.

Fundamental Legislative and Social Policy Provisions for
Equalization of Opportunities for Disabled
Persons

International Labour Organisation Convention No. 159.

International Labour Organisation Recommendation No. 99.

International Labour Organisation Recommendation No. 150.

International Labour Organisation Recommendation No. 168.

International Labour Office: Vocational Rehabilitation Services
for Disabled Persons: Legislative Provisions
Geneva 1982.

Law of Special Education.

Legislation in connection with the Handicapped.

Manpower Services Commission: Quota Scheme for the Employment of
Disabled People: Working Group Report on
Suggestions for improving the scheme's
effectiveness 1985.

The Netherlands:

Outline of co-ordination lines regarding policy for the disabled.

Principles for co-ordinated policy development on the mentally
handicapped.

Tweede Kamer der Staten-Generaal Nr. 99.

Tweede Kamer der Staten-Generaal Nr. 58.

Outline of the present situation with regard to rehabilitation
policy.

The situation in the Netherlands: recent developments.

The Physically disabled in the Netherlands - evaluation of the
1971/1972 survey.

Gehandicapten in 1971, 1979 en 1990.

Welfare policy for the disabled in the Netherlands.

Health Care.

Info: Ministerie van Sociale Zaken en Werkgelegenheid.

Parts of Parliamentary Document 17900 nr 1-2, 'Geestelik
Gehandicapten'.

AAW Wegwijzer.

New Trends in Social Legislation, Denmark.

Position Paper of the United Nations Centre for Human Rights,
Vienna, March 1986.

Recent Trends in Legislation Concerning Rehabilitation Services
for Disabled Persons in Selected Countries,
United Nations New York, 1977.

Rehabilitation International: Charter for the 80s. New York.

Rehabilitation International: Report on National and International
Legislation on Equalization of Opportunities in
22 Countries, New York May 1986.

Resolution adopted by the General Assembly at its Fortieth
Session, Vienna, February 1986.

Second International Conference on Legislation Concerning the
Disabled, Manila 1978.

Die Verslae van die Kommissie van Ondersoek na Arbeidswetgewing.
(Wiehahn-verslag).

Die Verslag van die Kommissie van Ondersoek na Wetgewing rakende
die benutting van Mannekrag (uitgesonderd die
Wetgewing geadministreer deur die Departement
van Arbeid en Mynwese) RP32/1979.
(Riekert-verslag).

Die Verslag van die Kommissie van Ondersoek na Vergoeding vir
Bedryfsiektes in die Republiek van Suid-Afrika
(RP 100/1981). (Nieuwenhuizen-verslag).

Verslag van die Direkteur-generaal: Mannekrag vir die jaar
geëindig 31 Desember 1986.

Jaarverslag van die Ongevallekommissaris 1987.

Suid-Afrika: Amptelike Jaarverslag van die Republiek van
Suid-Afrika 1986.

Nasionale Opleidingsraad: Referate gelewer by
Vorderingsvergadering Mei/Junie 1987.

Wetgewing geadministreer deur die Departement van Mannekrag,

World Health Organization: Working Group on Health and Social
Legislation for the Disabled: Summary Report,
Dresden, November 1985.

World Programme of Action Concerning Disabled Persons.

Written Submission to Equality Rights Sub-Committee Status of
Disabled Persons Secretarial, May 1985.

BYLAE A

THE MANILA STATEMENT

on Legislation Concerning the Disabled in Developing Countries

P R E A M B L E

1. Legislation in developing countries will vary depending upon economic and socio-political conditions and cultural values prevailing, and on the geographical situation, population characteristics, and nature and extent of existing facilities in each country.
2. Any legislative plan should be based on close consideration of
 - a. All aspects of the four main fields of the rehabilitation process, namely: educational, medical, social, and vocational.
 - b. The Universal Declaration of Human Rights, the UN Declaration of the Rights of Disabled Persons, and the ILO Recommendation No. 99.
 - c. The conclusions and recommendations of the First International Conference on Legislation concerning the Disabled held in Rome in 1971.
 - d. The Rehabilitation Guidelines for the Future, representing the consensus of the thinking of the participants in the 12th World Rehabilitation Congress organized by Rehabilitation International and the Australian Council for Rehabilitation of the Disabled in Australia in August, 1972.
 - e. The recommendations of the Second International Conference on Legislation Concerning the Disabled.
3. Every developing country should legislate before 1981 (the International Year for Disabled Persons) to ensure the right of access to and the provision of educational, medical, social and vocational services needed to enable all disabled persons to enjoy their rights and develop their full potentials.

The Conference Recommends

1. A national council for the welfare and rehabilitation of the disabled should be established by legislation in each developing country.
 - a. Such a council should consist of representatives from
 - 1) Major government departments concerned with all aspects of rehabilitation;

- 2) Voluntary agencies, and
 - 3) Organizations of persons with disabilities.
- b. Such councils should be charged, inter alia, with the following functions:
- 1) Identifying basic needs of the disabled and any inequalities and discriminatory practices affecting disabled persons in their countries.
 - 2) Producing a rehabilitation plan in which priorities are established, respective roles and responsibilities of the government and private sectors are defined, and adequate methods are provided to insure a coordination of the total effort for the rehabilitation and welfare of disabled persons.
 - 3) Advising the government on all aspects of welfare and rehabilitation of disabled persons.
 - 4) Continuing evaluation of the effectiveness, based on cost benefits and other criteria and of other values of services provided.
2. The creation by Rehabilitation International of regional legal panels to formulate basic principles for legislation concerning the disabled.
 3. The establishment of national advisory legal panels to assist governments on all legal aspects in relation to the survey of needs of the disabled, the planning and coordination of services, and in the drafting of appropriate legislative measures for the rehabilitation and welfare of the disabled.
 4. A prerequisite for any legislative plan is to ascertain, by voluntary registration, by means of census taking or otherwise, the nature and extent of the disability problem.
 5. The recognition of the integration of the disabled as self-reliant and self-actualizing persons in the community as the ultimate goal of services for the rehabilitation and welfare of the disabled. Towards this goal, the following measures are highly desirable:
 - a. Integration in general legislation of provisions for the rehabilitation and welfare of the disabled;
 - b. Inclusion of a long range national plan for the disabled in the national socio-economic development plans of the country;
 - c. Assurance of access to the mainstream of governmental and non-governmental services in addition to special services to enable the disabled fully to avail

themselves of all political, economic and social opportunities;


- d. The maximum participation of the disabled in policy formulation, decision-making, and implementation of national plans of action in order to ensure that the basic needs of the disabled are reflected in all relevant programs and that such programs receive their full support and cooperation;
 - e. Legislation should provide the appropriate climate and incentives for the cooperation of and maximum participation of non-governmental organizations, as well as business and commercial enterprises, in the planning and implementation of the country's national plan of action for the rehabilitation and welfare of the disabled.
6. Wherever practicable, rehabilitation services should be community based and, through domiciliary care, day-care services and other facilities should enable the family member with a disability to continue to live in his or her home and community environment rather than in an institution.
 7. Legislation should set up viable structures, create linkages, and provide adequate resources to insure and facilitate the delivery of services for the disabled in the rural areas.
 8. Legislation should provide adequate funds and trained personnel to assure that the service delivery network includes facilities for the early identification and adequate assessment of disability.
 9. Legislation should include adequate provision for the financing of comprehensive rehabilitation services and other facilities needed by disabled persons, including educational, medical, social and vocational assistance; personal assistance; prostheses, orthoses and technical aids, housing and transportation.
 10. Legislation should include
 - a. A public education component designed to bring about greater public awareness, acceptance, and understanding of the disabled. It should focus particularly on school curricula and the employment market;
 - b. A mechanism for adequate interpretation and dissemination of the same, using all media available, and emphasizing community participation.
 11. The disabled should have the right to the same level of education as that provided for the general population.
 - a. They should be provided with additional facilities

including early assessment to achieve the same.

- b. These services should be used on a continuum and include academic, technical, and vocational opportunities.
 - c. Legislation should ensure that an important objective of education is job placement or, alternatively, assurance that those with disabilities may lead as full and useful lives as possible. Wherever practicable, those with disabilities should not be segregated from the general student group in the educational process.
 - d. Legislation should ensure an adequate preparation and training of all teachers and other supporting personnel in the requirements of special education to insure a proper understanding of the disabled child.
12. Legislation should ensure appropriate training of disabled persons to increase their chances of employment.
 13. Legislation should encourage and facilitate the placement of disabled persons, as appropriate, in open, semi-competitive, sheltered, semi-sheltered, home-bound and self-employment. Employers should be encouraged to facilitate the employment of persons with disabilities in open employment and, to that end, to make the necessary adaptation of the working place, machines and equipment.
 14. Legislation should provide adequate rehabilitation counseling services and follow-up programs for all disabled persons.
 15. Legislation should provide that all public and private buildings are free of architectural barriers, and that public transportation and recreational and social facilities used by the public be fully accessible to disabled persons.
 16. Information concerning measures for accessibility for the disabled should be included in university curricula for architects and environmental planners. The same should be circulated among professional groups engaged in similar works.
 17. Adequate transport facilities should be provided for all persons with disabilities to enable them to get to their work places and to social and recreation facilities.
 18. Rehabilitation International, with the help of its International Commission on Technical Aids, Housing and Transportation (ICTA), should prepare a comprehensive booklet on the needs of the disabled in connection with all forms of transport including international airlines, so that national committees may use this in developing better transport facilities in their own countries.

19. Legislation is recommended to grant tax incentives such as exemptions or deductions to manufacturers of technical aids and transport equipment, and to manufacturers and builders who adapt their designs or equipment for the use of the disabled.
20. Orthotic, prosthetic and technical aids and equipment should be free or made available at minimum cost. Such aids and equipment should be tax exempt and duty-free.
21. Legislation should insure that all relevant departments of government give high priority to activities which result in the prevention of disability in particular:
 - a. Providing primary health services to meet the basic health needs of all the population, especially those living in rural areas; giving priority to mother and child care; and emphasizing immunization schemes, making immunization compulsory in areas where mortality and morbidity rates are high due to preventable diseases.
 - b. Encouraging community participation in basic health services delivery.
 - c. Including subjects related to disability prevention in the curricula of medical, nursing, social work and allied medical and other courses.
 - d. Assuring the financing of services, either directly by the government or through insurance coverage, to prevent permanent disabilities resulting from accidents or other injuries suffered by either self-employed or employed workers.
22. Adequate standards for training of professional, technical and auxiliary personnel working in the field of rehabilitation.
23. Legislation should be enacted to oblige social security agencies to ensure that research and follow-up action be a part of their programs for rehabilitation of the disabled and that the results of any such actions be applied and disseminated to improve the conditions of the disabled.
24. Legislation should include measures to prevent exploitation of persons with disabilities, particularly begging and other public exploitation of children with disabilities.
25. Legislation should provide for the conduct of research projects dealing with the principal aspects of disability and its prevention and rehabilitation in each country.
26. Drug dependence and addiction is a functional disability and all those afflicted thereby should be looked upon as persons with disabilities.

- a. The legislative measures in developing countries in regard to the welfare and rehabilitation of the disabled should deal with drug dependence and addiction and should be focused on peers, parents, the community and the youth services system. Such legislation should provide for comprehensive treatment, welfare and rehabilitation programs.
- b. Legislation should encourage participation by non-governmental agencies in the solution of drug-related problems.
- c. Those planning legislation should give consideration to the importance of epidemiological studies based on reports from hospital emergency centres, statistics in relation to apprehensions and convictions and contacts by private practitioners; to the provision of social service aids; and to the advisability of national registration of drug dependent persons.
- d. National legislation should respond to the requirements of international treaties such as the 1972 Convention on Psychotropic Substance. The drug abuse problem is an international problem and in the light of the comments that drug abuse knows no boundaries, compliance with international treaties will discourage the spread of drug abuse.
- e. Legislation to properly control and monitor the distribution of prohibited drugs should be initiated. Such legislation should embrace the manufacture, import and export of such drugs.
- f. In planning drug legislation, the developing countries should consider the need for a central national coordination and policy body.



BYLAE B: (2de Voorlopige Werkstuk, sien bl. 2 van hierdie voorlopige verslag) Council of Europe A Coherent Policy for the Rehabilitation of Disabled People. Strassbourg 1984. (Hierdie werkstuk is beskikbaar by die Instituut vir Opvoedkundige Navorsing van die RGN vir naslaandoeleindes.)

